


MATIE- *-land*



JÄARGANG 3

NOMMER 2


AUGUSTUS 1959

UNIVERSITEIT
VAN
STELLENBOSCH



Waardevolle Besittings

Om u waardevolle besittings goed op te pas, is 'n bankdiens wat u baie nuttig kan vind. Ons Bestuurders en personeelde by meer as 850 Takte en Agentskappe sal u navrae verwelkom, en sal u met genoeë meedeel omtrent die reëlings wat getref is vir hierdie diens.



Persoonlike besittings kan dikwels nie vervang word nie

PREMIUM

hier is voorwaar

Dou vir die Dors!

Castle Premium Lager
is bier uit die wêreld se
heel boonste rakke . . .
bier om 'n man te
plesier. Skink en klink
en u sal saamstem—dis
„Dou vir die Dors!”



Grant 170/2016-2A



EEN PAAR

sal meer
**as 3 paar goedkoop
sokkies oorleef!**

Wolnit *Super* SOKKIES

is gewaarborg om nie te krimp
nie—altyd nommerpas te bly!

Hoëhakversterking met spesiale
nylondraad tot 'n $\frac{1}{4}$ -dm. bokant die
skoen. Dieselfde versterking ook
in die toon!

Wolnit Super word dus op
die belangrikste skaafplekke
beskerm—gee baie minder
werk vir die stopnaald!

Ook verkrygbaar in
wol-en-reknylon en
Terelene-reknylon!

* Die sokkies
wat hul geld
dubbel en
dwars werd is.

W O L N I T

Super

VZ98



Goue Meester

Likeurbrandewyn

Eerste Prys en Goue Medalje
Half-eeuse Wynskou Londen



BESTE BRANDEWYN IN DIE BRITSE RYK

OUD-24a



**VIR ENERGIE
VOOR DIE
WEDSTRYD!**

KOO-Vrugtesappe — hulle verskaf u energie en stukrag vir enige kragmeting. KOO-Vrugtesappe verhoog u weerstandsvermoë, gee u meer lewenslus en veerkrachtigheid — en is heerlik. Hulle smaak beter as vars vrugte. Goed om te drink en goed vir u — KOO-Vrugtesappe.



Pynappel verskaf lewenslus!

Ander gunsteling-geure:
Lemoen, Pomelo, Koejawel,
Tamatie, Appelkoos, Perske,
Pruim.



N.S. WEES ALMAL SE GUNSTELING! TRAKTEER U VRIENDE OP KOO-VRUGTESAPPE — HULLE VERSKAF ENERGIE DWARSDEUR DIE JAAR

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUDSTUDENTE EN DONATEURS

DEUR DIE

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
DR. ERNST VAN HEERDEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE INLIGTINGSBURO VAN DIE UNIVERSITEIT

INHOUD

REDAKSIONEEL

Navorsing of Onderrig	7
-----------------------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	------	---

UNIVERSITEITSNUUS

Ons Nuwe Kanselier	8
Ses Groot Afrikaanse Leiers ontvang Eregrade	10
Nuwe Aanstellings	15
Hulle het Ons Ontval	15
Prof. J. L. Steenkamp tree af	17
Dosente Oorsee	18
Nog 'n Oud-Matjie word Hoofregter	18
Beurs aan Mej. H. Nel	19
Die Oud-Matiebaadjie Nog eens	19
Omvattende Reeks Musiekconcerte	19
Universiteitskoor Bedrywig	20

ARTIKELS

Die Departement van Geologie	22
Die Kweekskool vier Eeu fees	25
NUUS VAN OUD-MATIEBOND TAKKE	26
VAN HEINDE EN VERRE	31
DIE „MATIELAND“-FONDS	32

BUITEBLADFOTO:

In die Botaniese Tuin van die Universiteit

Navor sing of Onderrig?

IN die algemeen kan 'n mens sê dat professionele opleiding, navorsing, en die opvoeding van die hele mens fundamentele doelstellings van die universiteit is. Die meeste universiteite verenig hierdie drie aktiwiteite op 'n min of meer willekeurige wyse. Maar die praktyk toon aan dat wat op die oog af as aanvullend of komplementêr voorkom, dikwels heel delikate aanpassing en beplanning vereis. Die gevaar dat een van hierdie doelstellings verwaarloos kan word, is altyd aanwesig.

Daar is voorstanders van die idee dat die universiteit een van die drie rigtings moet kies: dit moet of 'n professionele skool, 'n *Forschungsinstitut* of 'n kultuursentrum wees. Maar 'n oomblik se nadenke toon tog duidelik dat hierdie drie aktiwiteite in die wese van 'n universiteit lê en dat die een nie kan skade ly sonder om die ander ook aan te tas nie.

In die enger sin van die woord beteken „werk“ aan 'n universiteit die aanleer van vaardighede en metodes, die uitbreiding van kennis deur studie, bespreking, eie ondersoek. Hierdie soort „werk“ is basics in enige universitaire studie wat die naam waardig is; dit verskaf die gereedskap en die dissiplines om die waarheid te soek, om van die *bespieëling* tot die *feit* te groei.

Dit is dikwels die intuïtiewe, die *on-redelike* idee wat die eerste aansporing aan die wetenskaplike gee in sy ewigdurende soektog na nuwe waarhede. Want die ware wetenskaplike het 'n intellektuele gewete. Dit is meer as vlyt of pligsgetroouheid. Dit is die groot dinamiese krag wat hom steeds voortstu om die vae werkinge van sy vermoedens in die ontdekking van 'n nuwe feit te bevestig en te realiseer.

Daarom sien ons navorsing as een van die fundamentele take van die universiteit. Navorsing as sodanig floreer waar die toegang tot die groot patroon van menslike kennis voorhande is, waar die spesialis ook van die lewendie wisselwerking met die basiese kennis kan profeteer en waar die ekstra aansporing van die onderrig — die medeel van sy bevin-

dings — vir die navorser moontlik en toeganklik is. En dit alles geskied ten beste aan 'n universiteit.

So ook het onderrig op 'n baie wesentlike wyse die materiaal nodig wat alleen deur navorsing verkry kan word. Die navorser mag pedagogies in sy metodes om sy kennis mee te deel, tekort skiet. Hy mag onbeholpe en selfs oninspirerend „klasgee“. Maar hy wat midde-in die heerlike ervaring staan om die deure van die kennis wyer oop te stoot, is by uitstek die persoon om in die student daardie gees van die ware wetenskaplike wakker te roep, die gees wat bo die syfers en die statistieke uitstyg en wat die basis van 'n hele *Weltanschauung* by die student kan word.

Omdat die universiteit die ware kweekplek is van „die idee“, daardie idee wat tot nuwe feite gedy, verskaf die universiteit aan die student die toerusting vir empiriese waarneming: biblioteke, laboratoria, klinieke, musea, versamelings. Dit is alles konkrete dinge wat die student nodig het en gebruik. Maar aan 'n universiteit is daar ook ontasbare dinge. Die universiteit het 'n onomskryfbare maar duidelik voelbare aura of atmosfeer; dit het die polsing van 'n intellektuele bloedstroom wat elke aktiwiteit van almal wat daar arbei, behoort te deuryloei.

Die belangrikste faktor in enige student se toerusting ná hy die universiteit verlaat, is nie die totaal van die feite wat hy daar geleer het nie. Dit is die inisiatief om self feite na te spoer, om oor hulle waarde te oordeel en om steeds vrae te vra. Die ware universiteit leer die student dat daar 'n verband is tussen sy eie gespesialiseerde gebied van kennis en wetenskap en die ganse veld van menslike kunde. As studie aan 'n universiteit alleen 'n handigheid met feite en metodes, met prosedures en roetinesses meebring, dan verloor dit alle waarde as die groter ideaal van die verbondenheid met die algemene menslike kennis in al sy verskeidenheid nie ook geleer is nie.

Dit lyk asof navorsing en onderrig vir lange

tyd die twee pilare sal wees waarop die universiteit se bestaansreg rus. Dit is jammer dat navorsing, van watter aard ook al, aan 'n tekort aan geldelike hulpmiddede moet ly en, ten gevolge van die veeleisende administratiewe pligte van die dosent, verwaarloos moet word.

In Suid-Afrika, selfs met beperkte hulpbronne en personeel, het ons universiteit op navorsingsgebied geweldig baie gepresteer en ontdekings gedoen wat regstreeks tot almal se groter voorspoed, welsyn en materiële en geestelike verryking bygedra het. Dat ons ook in-

spirerende leermeesters opgelewer het, ly geen twyfel nie. Daar is van hulle wat reeds legendaries geword het, wat geslagte van studente tot geesdrif aangespoor het en wat dikwels op positiewe wyse tot die vorming van hul lewensbeskouing bygedra het.

Stellenbosch was, en is, gelukkig om baie van dié manne-navorsers en dosente — in sy geledere te hê. Hulle het Stellenbosch gehelp om sy groot taak van volksopbou en volksverryking beter en doeltreffender uit te voer.

UNIVERSITEITSNUUS

Ons Nuwe Kanselier

OP Saterdag, 23 Mei 1959, is Sy Edele dr. T. E. Dönges tot Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch gekies.

Die Vise-Kanselier, ds. J. S. Gericke, het na aanleiding van dr. Dönges se verkiesing tot hierdie oë amp verklaar: „Toe die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch dr. T. E. Dönges aangewys het as die opvolger van wyle dr. D. F. Malan, het ons Universiteit 'n Kanselier gekry wat die plek van sy waardige en onvergeetlike voorgangers op 'n uitnemende wyse sal kan volstaan. In die lang ry van oud-Maties, wat hul Alma Mater vereer het met die wyse waarop hulle hul onderskei het op die verskillende terreine van die lewe, moet ons nuwe Kanselier onder die heel eerstes geplaas word. Dit is manne van sy formaat wat die bewys lewer dat hierdie universiteit nie tevergeefs tot stand gekom het nie.

Deur die jare heen het hy steeds 'n geesdriftige Matie gebly, en dit was nie maar net op 'n afstand as waarnemende toeskouer nie, maar ook en veral as waldoener en raadgewer van die Universiteit. As lid van die Universiteitsraad en van die Vise-Kanselierskomitee het hy 'n leidende rol gespeel in die merkwaardige vooruitgang wat Stellenbosch die afgelope jare belewe het. As 'n Kabinetsminister met 'n moeilike en veeleisende portefeuilje het hy meermale van Pretoria na Stellenbosch gereis, net om 'n vergadering van die Universiteitsraad by te woon. As iemand so baie opoffer, weet 'n mens dat jy met iemand te doen het wat sy Alma Mater liefhet.

Wanneer ons hierdie begaafde seun van ons volk gelukwens met die onderskeiding wat hom te beurt gevall het, wil ons tegelykertyd sê dat Stellenbosch sy eie eer en aansien verhoog het

toe hy dr. Dönges in die Kanselierstoel geplaas het.”

Dr. Dönges se boodskap aan die studente was: Ek beskou dit as 'n besonder hoë onderskeiding om die Kanselier te wees van 'n Universiteit soos dié van Stellenbosch, wie se bestaan so ingeweef is in die geskiedenis van Suid-Afrika. Oor die afgelope vyf-en-sewentig jaar het die Universiteit van Stellenbosch sy kenmerkende invloed daaraan te danke dat hy saam met sy volk gelewe het. Ek vertrou dat dit ook die rigsgenoer van die Universiteit vir die toekoms sal wees. Saam met julle, die huidige studente, wil ek die roem en die luister van ons Alma Mater tot nuwe hoogtes help voer. Laat ons almal tesame sê vir ons Universiteit: *Vivat crescat floreat* — mag hy lewe, mag hy groei, mag hy bloei.”

Dr. Dönges is die sewende Kanselier van die Universiteit. Sy voorgangers was prof. J. I. Marais (1 April 1918 tot 27 Augustus 1919), prof. P. J. G. de Vos (12 November 1919 tot 1 Oktober 1931), hoofregter Jacob de Villiers (23 Desember 1931 tot September 1932), prof. A. Moorrees (29 November 1932 tot 17 November 1938), dr. J. D. Kestell (1 Februarie 1939 tot 9 Februarie 1941) en dr. D. F. Malan (7 April 1941 tot 7 Februarie 1959).

Die verkiesing van dr. Dönges tot die Kanselierskap beteken die beëindiging van sy lidmaatskap van die Universiteitsraad. Terwyl ons met leedwese hierdie feit aanvaar, is ons innig dankbaar vir wat dr. Dönges as raadslid deur verskeie jare heen vir die Universiteit beteken het. Ons is bereid om hom as raadslid af te gee, omdat ons weet dat ons hom as Kanselier verkry het.

ONS NUWE KANSELIER:

Sy Edele dr. T. E. Dönges.



Ses Groot Afrikaanse Leiers Ontvang Eregrade

SES Afrikaanse leiers op verskillende gebiede het eredoktorsgrade van die Universiteit van Stellenbosch ontvang. Die buitengewone grade-dagplegtigheid wat op Woensdag, 29 Julie, plaasgevind het, het aangesluit by die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se halfeeu feeses, wat op Stellenbosch gevier is.

Die grade is toegeken aan Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen, Sy Edele dr. H. F. Verwoerd, prof. dr. D. F. Malherbe, prof. dr. B. B. Keet, dr. H. J. van Eck en Sy Edele dr. T. E. Dönges.

Dr. E. G. Jansen

Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen het die eregraad Doktor in die Wysbegeerte ontvang.

Ernest George Jansen is op 7 Augustus 1881 in die distrik Dundee, Natal, gebore. Hy het die grade B.A. en LL.B. verwerf en later in Pietermaritzburg as advokaat gepraktiseer.

Sy Eksellensie het 'n veelbwoë staatkundige loopbaan agter die rug. Hy was in 1919 lid van die Vryheidsdeputasie na Europa. In 1921

het hy Volksraadslid vir Vryheid geword en vir 22 jaar hierdie kiesafdeling in die Volksraad verteenwoordig. Hy was Speaker van 1924 tot 1929, Minister van Naturellesake van 1929 tot 1933, daarna weer Speaker tot 1943. In 1948 het hy weer Minister van Naturellesake geword en in 1951 is hy aangestel as Goewerneur-generaal van die Unie.

Sy Eksellensie het altyd groot belangstelling in die kulturele lewe van ons land getoon. Hy het drie universiteite as lid van die Universiteitsraad gedien: die Universiteite van Natal, Suid-Afrika en Pretoria. Hy was voorsitter van die komitee wat die Voortrekkerfees in 1938 gereël het, en voorsitter van die komitee wat die reëlings getref het vir die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949. Hy was een van die stigterlede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1909, en is die enigste stigterlid wat nog aan die Akademie verbonde is. Sy Eksellensie is ook voor- sitter van die Sentrale Volksmonumentekomitee. Verder was hy redakteur van *The New Era*. Die volgende publikasies het uit sy pen verskyn: *Die Nataalse Boerekongres*, *Die Voortrekkers in Natal*, en *Die Voortrekker*.

DIE EREGRADUANDI SAAM MET DIE REKTOR EN DIE VISE-KANSELIER:

Prof. H. B. Thom, prof. D. F. Malherbe, dr. H. J. van Eck, Sy Edele dr. T. E. Dönges, prof. B. B. Keet, Sy Eksellensie dr. E. G. Jansen, Sy Edele dr. H. F. Verwoerd, ds. J. S. Gericke.



Voor sy benoeming tot Goewerneur-generaal het Sy Eksellensie reeds dwarsdeur die Statebond erkenning geniet as een van die mees begaafde en regverdigste Speakers wat nog ooit hierdie belangrike pos beklee het. Hy geniet die hoë agting van sy volksgenote en hy het op verskeie maniere belangrike bydraes tot ons kultuur gelewer. Die Universiteit van Stellenbosch het uitdrukking gegee aan die gevoel wat in die hart van die bevolking van Suid-Afrika lewe deur Sy Eksellensie by die half-eeufes van die Akademie te vereer en hom daardeur vir sy bydrae op verskillende terreine erkenning te verleen.

Dr. H. F. Verwoerd

Aan Sy Edele dr. H. F. Verwoerd is die eregraad Doktor in die Wysbegeerte toegeken.

Hendrik Frensch Verwoerd is op 8 September 1901 in Amsterdam, Nederland, gebore en het op die ouderdom van drie maande saam met sy ouers na Suid-Afrika verhuis. Hy het sy skoolopleiding in Wynberg, Bulawayo en Brandfort ontvang en is in 1919 ingeskryf as student aan die Universiteit van Stellenbosch. Hier het hy die grade B.A. (*cum laude*), M.A. (*cum laude*) en D.Phil. behaal. Hy het sy studies aan die Universiteite van Leipzig, Hamburg en Berlyn voortgesit en daarna verskeie Sielkunde-laboratoria in Engeland en die V.S.A. besoek.

In 1924 is hy aangestel as lektor aan die Universiteit van Stellenbosch. Vier jaar later is hy, op ses-en-twintigjarige leeftyd, bevorder tot professor in die Toegepaste Sielkunde. In 1932 is hy aangestel as professor in die Sosiologie en Maatskaplike Werk en het hy die eerste hoof van dié Departement aan die Universiteit geword. Sy uitmuntende geheue, sy logika as redenaar, sowel as sy kennis en liefde vir sy vak, het hom 'n dosent van buitengewone formaat gemaak.

In 1934 was hy hooforganiseerder van die belangrike Volkskongres in Kimberley oor die vraagstuk van armoede onder die Blanke.

Sy hoër roeping in belang van sy volk in besonder en Suid-Afrika in die algemeen, het duidelik rigting gekry met sy toetreding tot die openbare lewe. Reeds as hoofredakteur van *Die Transvaler* van 1937 af, het hy hom onderskei deur 'n onvermoeide werkwyer en onbaatsugtige diens in die uitbouing van die staatkundige lewe van sy volk.

In 1948 is dr. Verwoerd tot Senator benoem, en twee jaar daarna het hy Minister van Natuurlesake geword. Hy het daadwerklik begin om die fondament te lê van 'n nuwe staatkun-

dige bedeling wat, na sy mening, vir die reëling van die onderlinge bevolkingsverhoudinge in Suid-Afrika noodsaklik was. Deur verskeie belangrike wetgewende maatreëls en deur sy voortdurende aktiewe optrede in belang van beplante ontwikkeling van die Bantoe se tuisgebiede, het dr. Verwoerd op daadwerklike wyse rigting gegee aan die beleid van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika.

Op 2 September 1958 is dr. Verwoerd ge-roep om sy land in 'n nuwe hoedanigheid te dien toe hy gekies is as sesde premier van die Unie van Suid-Afrika — die vyfde alumnus van die Universiteit van Stellenbosch wat hierdie hoë amp beklee. Deur die toekenning van die graad Doktor in die Wysbegeerte, *honoris causa*, deur sy Alma Mater aan Sy Edele dr. H. F. Verwoerd word 'n skitterende akademiese loopbaan van 'n uitmuntende oud-student en oudkollega erken en gehuldig.

Prof. D. F. Malherbe

Aan prof. dr. D. F. Malherbe is die eregraad Doktor in die Lettere toegeken.

Daniel François Malherbe is op 28 Mei 1881 in Daljosafat, Paarl, gebore en het grootgeword in die omgewing van die Genootskap van Regte Afrikaners, waarvan sy vader stigterlid en sy oom, ds. S. J. du Toit, leier was. Ná sy studie op Wellington, Stellenbosch en in Duitsland, waar hy 'n doktorsgraad verwerf het, het hy in 1906 na Suid-Afrika teruggekeer en hom vurig in die stryd vir Afrikaans gewerp. Hy was een van die stigters van die Afrikaanse Taalvereniging in Kaapstad in 1906 en voor-sitter van die Afrikaanse Taalkongres in 1907. In 1907 het hy onderwys gegee op Carnarvon en in 1909 het hy as plaasvervanger van dr. Viljoen op Stellenbosch opgetree. In 1910 het hy na Bloemfontein gegaan, waar hy in 1918 die eerste professor in Afrikaans geword het (G.U.K.). Hy was een van die eerste aktiewe lede van die Akademie, en was later ook voor-sitter. Hy is nog lid van die Akademie se taalkommissie. Prof. Malherbe was ook taaladviseur van die Bybelvertaling.

Ook met sy skeppende werk het hy 'n groot bydrae tot die erkenning en vestiging van Afrikaans gelewer. Sy letterkundige produksie — prosa, poësie, drama — is die omvattendste van enige lewende Afrikaanse skrywer van betekenis. Hy sou beskou kan word as ons grootste romanskrywer en het ook herhaal-delik die Hertzogprys verower met sy werk.

So dan het D. F. Malherbe van vroeg tot laat gestaan in diens van volk en taal: as vurige taalstryder, gesiene akademikus en wetenskap-

like navorser; as belangrike skeppende kunstenaar met die omvangrykste oeuvre van enige lewende Afrikaanse skrywer van betekenis; as besielde volksman en geestelike leier.

Prof. B. B. Keet

Prof. dr. B. B. Keet het die eregraad Doktor in die Lettere ontvang.

Barend Bartholomeus Keet is op 20 Junie 1885 op Alice gebore. Hy het sy skoolopleiding op Humansdorp en aan die *South African School College* in Kaapstad ontvang. Nadat hy die grade B.A. en M.A. in Kaapstad verwerf het, het hy in 1906 op Humansdorp onderwys gegee. In 1907 gaan hy na die Kweekskool op Stellenbosch vir sy teologiese opleiding. Aan die einde van 1910 het hy na die buiteland vertrek. Hy het eers die Teologiese Seminarium in Princeton (V.S.A.) besoek en daarna na Amsterdam vertrek, waar hy die doktorale eksamen afgelê het.

Van Maart 1914 tot Mei 1916 was hy hulp-prediker in die Noorder-Paarl. Daarna het hy 'n beroep na die gemeente Graaff-Reinet aangegeem. Sedert April 1919 is hy professor in die Dogmatiek aan die Kweekskool op Stellenbosch.

Prof. Keet was al as student op Stellenbosch 'n kampvegter vir Afrikaans. In 1910 was hy voorsitter van die Afrikaanse Taalvereniging op Stellenbosch. As predikant op Graaff-Reinet het hy hom besonder vir die gebruik van Afrikaans in die Kerk beywer.

Prof. Keet was 'n sterk voorstander van 'n Afrikaanse Bybel, en tot hierdie werk, die grootste enkele bydrae tot die vorming en oorwinning van Afrikaans, het hy 'n groot bydrae gelewer. Deur sy onvergelyklike arbeidsvermoë het hy gehelp om die Afrikaanse Bybel 'n werklikheid te maak. Hy is die enigste oorlewende van die vyf eindvertalers. Sy werk, in teenstelling met dié van sy kollegas, het oor die hele Bybel gestrek, die Ou sowel as die Nuwe Testament. Hy het ook 'n groot aandeel gehad in die hersiene vertaling.

Behalwe talle van artikels in tydskrifte (veral *Die Kerkbode* waarin hy die Buitelandse Afdeling behartig), het hy ook 'n paar belangrike werke geskryf, waaronder *Ons Redelike Godsdienst* die belangrikste is.

As 'n mens in gedagte hou dat prof. Keet gedurende diestrydvolle wordingsjare van die Afrikaanse taal op die voorpunt gestaan het, dat hy saam met ander die invloedrykste Boek van die Afrikanervolk, die Bybel, in aangrypende Afrikaans vertaal het, en dat hy ook vir baie jare die wel en wee van die Universiteit van Stellenbosch as lid van die Universiteitsraad help dra het, dan was daar meer as genoeg beweegredes om aan hom die eregraad Doktor in die Lettere toe te ken.

Dr. H. J. van Eck

Dr. H. J. van Eck het die eregraad D.Comm. ontvang.

Hendrik Johannes van Eck is op 27 April 1902 naby Kimberley gebore. Hy het in 1920 die graad B.Sc. en die volgende jaar die graad M.Sc., albei *cum laude*, aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1922 het hy na Duitsland gegaan. Hy het in Leipzig en Charlottenburg gestudeer en die ingenieursdiploma en doktorsgraad albei met hoe onderskeidig verwerf.

Nadat hy in diens van Escom, Yskor en die *Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company* was, is hy met die stigting daarvan aangestel as hoofbestuurder van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Sedert 1944 is hy ook voorsitter van die direksie.

Dr. Van Eck was voorsitter van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad wat besonder waardevolle en hoogstaande verslae gepubliseer het. Daarnaas het hy gedien op belang-

Ons waak waar ons kan om ons eiendom te beveilig. Dit is goed en dit is reg maar dit kan tog gebeur dat elemente buite beheer skade kan berokken — skade eenmaal gedaan, altyd gedaan. Dit is beter om te verseker teen skade —

Santam

SAL DIT VERGOED.

Hoofkantoor: Waalstraat 28,
Kaapstad. Takkantore en ver-
teenwoordigers oorl in die Unie
en S.W.A.

rike kommissies van ondersoek. Hy het 'n hele reeks artikels oor tegniese en ekonomiese onderwerpe geskryf. Die bekende *Drexel Institute of Technology* (Philadelphia) het 'n eredoktorsgraad aan hom toegeken.

Dr. T. E. Dönges

Die eregraad Doktor in die Wysbegeerte is aan Sy Edele dr. T. E. Dönges toegeken.

Theophilus Ebenhaëzer Dönges is op 8 Maart 1898 op Klerksdorp gebore. Van 1916 tot 1919 het hy aan die Universiteit van Stellenbosch studeer en die grade B.A. en M.A. (Filosofie) met onderskeiding verwerf. In 1920 en 1921 was hy Registrateur van Regter-president sir Etienne de Villiers in Bloemfontein. In Oktober 1921 is hy na Londen waar hy aan die einde van 1922 die LL.B.-graad behaal en die eksamen van die *Council of Legal Education* van Middle Temple geslaag het. In 1923 het hy lesings aan die *School of Economics* in Londen bygewoon en terselfdertyd aan sy proefskrif vir die LL.D.-graad gewerk. Aan die einde van 1923 het hy na Suid-Afrika teruggekeer en in 1925 in die Regte gepromoveer.

In 1924 is hy tot die Balie in Pretoria en in Julie 1927 tot die Kaapse Balie toegelaat. Van 1929 tot 1939 was hy deeltydse regadviseur vir die Kaapse Proviniale Administrasie en in 1939 het hy K.C. geword. Hy is ook aangestel as deeltydse lektor aan die Universiteit van Stellenbosch.

Sy loopbaan het die regstelling, politiek en

joernalistiek ingesluit. Hy was o.m. van 1924 af vier jaar redakteur van die *South African Nation*, en die grootste deel van dié tyd ook assistent-hoofredakteur van *Die Burger*. Hy het in Kaapstad as advokaat gepraktiseer en is sedert 1938 Volksraadslid — eers van Hoopstad, daarna van Fauresmith en sedert 1948 van Worcester. In 1948 het hy Minister van Binnelandse Sake geword. Hierdie portefeuilje het hy beklee totdat hy verlede jaar Minister van Finansies geword het. Sedert 1953 is hy Kaaplandse leier van die Nasionale Party.

In die Afrikaanse sake- en kultuurlewe het dr. Dönges ook 'n groot rol gespeel. Hy was een van die vooraanstaande figure op die Ekonomiese Volkskongres van 1939 en hoofbestuurslid van die Reddingsdaadbond en die Ekonomiese Instituut. Hy was direkteur van verskeie Afrikaanse firmas en het dr. D. F. Malan in 1948 opgevolg as direkteur van Die Voortrekkers. Hy was lank voorsitter van die Kaapstadse Skakelkomitee en was lid en later ondervorsitter van die hoofbestuur van die F.A.K.

Dr. Dönges is die skrywer van 'n aantal regsboeke. Hy is volle lid van die Akademie vir Wetenskap en Kuns en was van 1953 tot 1959 lid van die Raad van die Universiteit van Stellenbosch. Onlangs is hy tot Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch gekies. Deur 'n eredoktorsgraad aan hom toe te ken, het die Universiteit een van sy briljantste oud-studente en 'n gewilde leier op verskeie terreine 'n verdienede erkenning verleen.

Tydens die halfeeufeesviering van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns op Stellenbosch, is 'n erepenning vir die bevordering van die Afrikaanse Taal en Kultuur aan die Rektor, prof. H. B. Thom, toegeken. Dit was 'n spesiale feestoekening aan hom as voorsitter van die F.A.K., en is deur mev. Maria Malan oorhandig.



Tree op die voorgrond met

PRIMARIUS



die statuspak vir die man van status. Daar's een wat u sal pas—in die kleur waarvan u hou, die styl wat u pas, die kwaliteit wat u verkieks

Nog 'n kwaliteitproduk van

VEKA BEPERK

vervaardigers van

PRIMARIUS-SPORTBAADJIES

VINCENT SPORTBROEKE

VEKA-SKOOLDRAG

SIMPSON McCRAE-PAKKE

Handelsnavrae:

VEKA BEPERK

POSBUS 163

FORDSBURG

TRANSVAAL

85

Vir kwaliteit en waarde


Westminster 85

Nuwe Aanstellings

MNR. A. F. DE WET, assistent-direkteur van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie, is aangestel as hoogleraar in die Vrugteelt. Hy volg wyle prof. M. W. Black op. Andries Francois de Wet is op 22 Januarie 1903 in die distrik Worcester gebore. Hy het sy skoolloopbaan op Robertson voltooi. In 1926 het hy die graad B.Sc. in die Landbou en twee jaar later die graad M.Sc. in die Landbou met lof aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Van 1928 tot 1940 was hy verbonde aan die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege en sedert 1940 aan die W.P.-Vrugtenavorsingstasie. In 1958 het hy assistent-direkteur geword. Van Maart 1953 tot Februarie 1958 was hy hoof van die afdeling vrugteelt van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie. In 1934 en 1935 het hy navorsingsinrigtinge in Engeland, Holland, België, Duitsland en Switserland besoek enveral navorsing gedoen na onderstamme. Hy het reeds verskeie bydraes oor sy vak gelewer.

* * * *

Maj. dr. J. P. Jansen van die Militêre Akademie op Saldanha is aangestel as senior lektor in die Aardrykskunde. Hy kom in die plek van dr. A. Nel, wat prof. P. Serton as hoogleraar opgevolg het.



Prof. A. F. de Wet.



Prof. J. P. van S. Bruwer, hoogleraar in die Volkekunde aan die Universiteit, aan wie die Regering die rektorskapskap van die Universiteitskollege vir Zoeloës te Ngoya (Natal) aangebied het.

Mnr. D. H. de Kock is aangestel as lektor in die Bio- en Organiese Chemie en mnr. D. F. Schneider as lektor in die Anorganiese en Fisiiese Chemie. Albei het in Julie met hulle nuwe werk begin.

* * * *


Mnr. P. J. Oosthuysen is van 1 Mei aangestel as lektor in Bantoetale.

Hulle het Ons Ontval

IN April en Junie het 'n roukleed oor ons Universiteit gehang, want in hierdie twee maande is drie van ons uitstaande personeellede deur die dood van ons weggenem. In April was dit prof. M. W. Black en mnr. B. H. O. Crome, en in Junie dr. W. C. Brink.

Prof. Black het op 14 April, om 6.15 nm., in sy huis aan 'n hartaanval beswyk.

Malcolm Wilfred Black is op 24 Januarie 1906 in die Paarl gebore. Hy het sy eerste jare op sy vader se plaas by De Doorns deurgebring en sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Gimnasium in die Paarl voltooi. In 1925 het hy die graad B.Sc. in die Landbou (met Vrugteelt as hoofvak), in 1930 die graad M.Sc. in die Landbou en in 1939 die Doktorsgraad in die Landbou aan die Universiteit van Stellen-



Wyle Prof. M. W. Black.

bosch verwerf. In 1926 het hy hulpdosent, in 1928 lektor en in 1941 senior lektor in die Vrugteteeltafdeling van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit van Stellenbosch geword. Enige jare na die totstandkoming van die W.P.-Vrugtenavorsingstasie het hy hoof van die Vrugteteeltafdeling geword. In 1948 is hy as hoogleraar in die Vrugteteelt aangestel. Op 4 April 1959, tien dae voor sy dood, het sy kollegas hom gekies tot Dekaan van die Fakulteit van Landbou.

Prof. O. S. H. Reinecke deel ons mee dat prof. Black „oor die jare heen nie alleen talle jongmanne as voorligtingsbeampes, navorsers, boere en bestuurders van vrugteplase opgeleei het nie, maar ook waardevolle bydraes gelewer het tot ons kennis van die vrugtebou. Ons dink veral aan sy werk i.v.m. die verskynsel van vertraagde bot. Sy voorskrifte t.o.v. die behandeling van ons somervrugte- en sitrusbome lei nog steeds tot groter opbrengste van die beste gehalte vrugte.

Prof. Black het nie alleen 'n groot voorliefde vir doseerwerk gehad nie, maar ook intense belangstelling in sy studente getoon. Hy het groot planne vir die uitbreiding van sy afdeling gehad. Sy vroeë heengaan is vir die Universiteit en vir die Departement van Landbou 'n gevoelige verlies. Sy kalme gees, innemende persoonlikheid, beskeie houding, blanke opregtheid en onselfsugtigheid sal steeds as voorbeeld en as bron van inspirasie dien vir hulle wat hom geken en die voorreg gehad het om met hom saam te werk.

Prof. Black was 'n liefhebber van musiek en 'n bekende Bolandse tennisspeler. Die Ouers-Onderwysersvereniging van die Laerskool Paul Roos het in hom 'n besonder gewilde en toegewyde voorsitter gehad.

Elf jaar gelede is hy deur 'n hartaanval op die tennisbaan getref, maar dit het hom nie verhinder om steeds meer en belangriker werk te onderneem nie. 'n Terugblik oor die lewe van ons vriend lei ons tot die gevolgtrekking dat hy in 'n buitengewone mate oor die vermoë beskik het om probleme te bowe te kom. Hier het hy nooit teruggedeins en ook nooit gekla nie. Beslis sou iemand met minder moed, vertroue en volharding ten onder gegaan het.

Sy heengaan is nie alleen vir die Universiteit van Stellenbosch 'n groot verlies nie, maar ook vir die boeregemeenskap van die Boland wie hy met onvermoeide ywer gedien het. Vir mev. Black (Greta Krone) en die twee kinders beteken sy heengaan die verlies van 'n liefdevolle, begrypende eggenoot en vader."

* * * *

Mnr. B. H. O. Crome het op 19 April 1959 in 'n tragiese sweettuigongeluk die lewe gelaat.

Bernard Crome is op 17 September 1930 in Leipzig, Duitsland, gebore. Na aflegging van die Hoërskoolekseen in 1950 het hy opleiding ontvang as fyn-meganikus aan die *Zentral Werkstatt*, Göttingen. Daarna was hy as meganikus werksaam by die Max Planck-Instituut. Later het hy ingeskryf as student in die Ingenieurswese. Toe die betrekking as meganikus in die Fisikadepartement alhier onder sy aandag kom, het hy egter besluit om daarvoor aansoek te doen. Prof. P. B. Zeeman deel ons mee dat mnr. Crome in Februarie 1957 diens aanvaar het in die Fisikadepartement en dat dit van die staanspoor duidelik was dat hy 'n besonder hardwerkende en pligsgetroue man was. „In die twee jaar wat hy by ons werksaam was, het hy dosyne apparate gebou of herstel en so leef sy handewerk tussen ons voort. In die gewone omgang was mnr. Crome vriendelik van aard en het met haastige toewyding die een taak na die ander voltooi. Buite die Fisikadepartement het hy na werksure sy gewig by die Departement van Spraak, Voordrag en Toneel ingegooi en was daar vir hul toneeldekorasies van onskatbare waarde gewees.

Ons almal was diep geskok oor sy skielike heengaan in die tragiese sweettuigongeluk. Waar ons treur oor die verlies van so 'n beloewende jongman, daar is ons innig dankbaar vir die tyd wat hy vir ons gegun was en leef hy in dankbare herinnering in ons gedagtes voort."



Wyle Dr. W. C. Brink.

Dr. W. C. Brink is Sondagnag, 7 Junie, kort na twaalfuur in sy huis aan 'n hartaanval oorlede.

Willem Carel Brink is op 11 Julie 1918 in die Piketberg-distrik gebore en het sy vroegste jare op een van die pioniersphase van die Sandveld deurgebring. Prof. D. L. Scholtz skryf: „Hy was die jongste seun uit 'n begaafde gesin van ses seuns en een dogter. Sy vader, net soos hy, is in die kleur van sy lewe oorlede, maar Willem se teelgrond en die karaktervastheid van sy voorsate het 'n onmiskenbare stempel op hom afgedruk. Sy skoolopleiding het hy op Malmesbury ontvang, waar hy in 1935 die Seniorsertifikaatskamens in die eerste klas afgelê het. Drie jaar later het hy die B.Sc.-graad met lof, en in 1940 die M.Sc.-graad met lof aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. 'n Jaar later is hy tot junior lektor in die Geologie benoem. Aan die einde van 1942 is die Koningin Victoria-stipendium aan hom toegeken. Met behulp van die beurs het hy hom twee jaar lank aan navorsingswerk in die Nuwerus-gebied gewy. Hierdie ondersoek het hom in staat gestel om die doktorsgraad aan die einde van 1945 te verwerf. In 1946 is hy bevorder tot lektor.

Met die stigting van die Fakulteit van Ingenieurswese het dr. Brink besluit om hom as siviele ingenieur te bekwaam. Na ses jaar se studie, wat o.a. 'n jaar van sy gewone langver-

lof ingesluit het, het hy in 1953 die B.Sc. (Ing.)-graad verwerf.

Twee jaar later is hy bevorder tot senior lektor in die Departement van Geologie, 'n betrekking wat hy tot aan die einde van Januarie vanjaar beklee het.

Sedert sy aanstelling as dosent het hy altyd groot belangstelling in administratiewe aangeleenthede getoon. Sy aanstelling as senior administratiewe beampot van die Universiteit in Februarie vanjaar was dus geen verrassing vir diegene aan wie hy goed bekend was nie.” Dr. Brink se kalme gees, vriendelike geaardheid, plisgetrouwheid en ywer het hom, net soos in die Departement van Geologie, 'n beminde figuur in die administratiewe afdeling gemaak. Hy was 'n opregte vriend, lojaal deur dik en dun.

Sy heengaan beteken vir sy eggenote en vier kinders die verlies van 'n sorgsame en liefdevolle eggenoot en vader.

Prof. J. L. Steenkamp Tree Af

PROF. J. L. STEENKAMP is op Barkly-Oos gebore. Nadat hy die finale skooleksamens op Stellenbosch afgelê het, het hy in 1921 as student aan die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf. In 1923 het hy die graad B.Sc. en 'n jaar later die graad M.Sc. verwerf. Terwyl hy



Prof. J. L. Steenkamp.

met sy nagraadse studies besig was, het hy onder leiding van prof. I. de V. Malherbe 'n studie van die Landbouchemie gemaak.

In 1924 is 'n Rhodes-beurs aan hom toegeken. Hy het na Oxford vertrek, waar hy onder leiding van prof. Morrison 'n diepgaande studie van die Grondkunde gemaak en in 1927 die D.Phil-graad verwerf het.

In 1928 het hy tot die afdeling Skeikunde van die Staatsdiens in Pretoria toegetree. Onder sy leiding is belangrike bodemopnames gemaak met die oog op groot besproeiingskemas.

In 1937 is hy aangestel as hoogleraar in die Landbouchemie aan die Universiteit van Stellenbosch. Vir die afgelope twee-en-twintig jaar het hy ook as hoof van die Landbouchemieafdeling opgetree.

Prof. M. H. Slabber het na aanleiding van prof. Steenkamp se aftrede o.a. verklaar: „Die Universiteit en die Fakulteit van Landbou is aan prof. Steenkamp baie dank verskuldig vir die waardevolle dienste wat hy hier op Stellenbosch gelewer het. Waar sy gesondheidstoestand tans nie na wens is nie, word die hoop uitgespreek dat die rustiger lewe na sy uitdienstreding op 30 Junie 1959, hom in staat sal stel om weer ten volle te herstel. Ons wens hom baie gelukkige dae toe in die jare van welverdiende rus wat voorlê.”

Dosente Oorsee

DR. M. P. DE VOS, senior lektrise in die Plantkunde aan die Universiteit, het 'n Carnegiebeurs vir studie in die V.S.A. ontvang. Sy het teen die einde van Julie na Montreal vertrek, waar sy die negende Internasionale Plantkunde-kongres sal bywoon. Sy is uitgenooi om daar deel te neem aan 'n simposium oor die embriologie van plante, 'n gebied waarop sy al verskeie oorspronklike bydraes gelewer het. Ná die Kongres sal dr. De Vos inrigtings in die Verenigde State besoek wat in die anatomië en die selstruktuur van plante spesialiseer.

DR. MATTIE E. JOOSTE, hoof van die Departement van Huishoudkunde, het 'n navorsingsbeurs van die Cornell-Universiteit in die V.S.A. ontvang. Sy is voornemens om navorsing na voedselbereiding vir inrigtings te doen, en sal in September daarmee begin. Inrigtingsbestuur is een van die jonger studierigtigs wat sedert 1948 aan die Universiteit gedoseer word. Dr. Jooste stel haar ook ten doel om nagraadse kursusse in Inrigtingsbestuur en die Hotelwese te volg. Sy gaan daarna vir drie maande na die Oregon-Staatsuniversiteit, waar sy in 1951 die Ph.D.-graad ontvang het.

PROF. J. C. SWART, hoogleraar in die Vee teelt, en sy eggenote het op 10 Julie na Europa

vertrek. Hulle sal die Skandinawiese lande, Duitsland, Oostenryk, Italië, Nederland, Spanje en Engeland besoek. Prof. Swart sal inrigtings besoek wat vir die landbou van belang is. Hulle keer in Oktober na die Unie terug.

MNR. G. V. MARAIS, bibliotekaris van die Carnegie-biblioteek van die Universiteit, en sy eggenote het op 'n uitgebreide oorsese reis vertrek. Mr. Marais sal die groot biblioteke in die buiteland besoek.

DR. E. VAN DER SPUY, senior lektor in die Departement van Fisika, het 'n toekenning van £400 uit die *Ernest Oppenheimer Memorial Trust* ontvang vir navorsing in die Kernfisika. Dr. Van der Spuy wat ook 'n beurs van die W.N.R. ontvang het, het aan die einde van verlede jaar na Duitsland vertrek en doen tans navorsingswerk aan die *Max Planck-Institut für Physik* in München.

PROF. D. H. CRAVEN, hoof van die Departement van Liggaamlike Opvoeding, het aan die einde van Julie na Nieu-Seeland vertrek om die vergadering van die Internasionale Rugbyraad by te woon.

MNR. R. BRAAE, senior lektor in die afdeling Elektrotegniese Ingenieurswese, het 'n beurs van £800 van die W.N.R. ontvang. Hy het aan die einde van Junie vir verdere studie na die Universiteit van Wisconsin in die V.S.A. vertrek. Mr. Braae is voornemens om in Februarie 1960 terug te keer.

DR. EN MEV. J. DE V. HEESE het onlangs teruggekeer van 'n besonder interessante reis deur Israel, Turkye, Griekeland en Italië. Kort na sy aankoms uit die buiteland is dr. Heese as hoofleier van die Voortrekkerbeweging gekies. Hy kom in die plek van dr. C. F. Visser wat afgetree het.

Nog 'n Oud-Matie word Hoofregter

DIE nuwe Hoofregter van die Unie, Sy Hoogedelbare L. C. Steyn, is net soos sy voor-ganger 'n oudstudent van die Universiteit van Stellenbosch. Die Rektor, prof. H. B. Thom, het hom namens die Universiteit gelukgewens met sy benoeming tot Hoofregter en bygevoeg: „Die Universiteit verheug hom ten seerste daaroor dat hierdie hoogste amp in ons regsspraak weer eens deur een van sy oudstudente beklee word. Die Universiteit wil u van harte seën en sterkte in u moeilike en verantwoordelike taak toewens. Die groot onderskeidiging wat u te beurt gevall het, is vir u 'n welverdiende bekroning van jare van toegewyde arbeid; dit is tewens 'n bron van vreugde vir u vriende aan die Universiteit van Stellenbosch, en 'n bron van besieling vir die huisende jong mense wat tans hier studeer.”

Op 19 Mei het prof. Thom die volgende brief van die Hoofregter ontvang: „Graag wil ek u van harte bedank vir u vriendelike gelukwense. Dit wek by my 'n besondere waardering, omdat dit kom van ons Alma Mater, by wie ek dieper in die skuld is as wat ek ooit sal kan vergoed. By 'n geleentheid soos hierdie kan ek nie nalaat nie om die name te noem van proff. Bodenstein, Malherbe en Van Themaat, van wie ek 'n opleiding ontvang het wat die grootste bate by die beoefening van my beroep was en nog steeds is. Wat ek kortkom is my eie skuld en nie hulle versuum nie. Daarby wil ek die ander nie vergeet nie wat 'n wyere terrein van geestelike en menslike waardes vir my toeganklik en vrugbaar gemaak het. As ek nie genoeg daarvan weggeneem het nie, dan het dit nie aan die beskikbare voorraad geskeel nie. Aan u en aan die Universiteit van Stellenbosch, my beste wense.”

Beurs aan mej. H. Nel

DIE *Amy Morris Homans Fellowship* is deur die Wellesley-Kollege (Massachusetts, V.S.A.) aan mej. H. Nel, lektrise in die Departement van Liggaaamlike Opvoeding, toegeken.

Mej. Nel het die B.Sc.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. In 1947 het sy die graad M.Sc. in Gesondheidsleer en Liggaaamlike Opvoeding aan die Wellesley-Kollege behaal.

Sy is voornemens om die beurs vir verdere studie op Stellenbosch te gebruik.

Die Oud-Matiebaadjie Nog eens

ONS lesers is al seker baie gretig om te verneem wat die uitslag van die stemming was. Vir die silwergrys baadjie het 282, vir die donkerbloue 218 en vir die silwergryse met omboorsel 114 gestem. 'n Hele aantal lesers het egter sterk daarop aangedring dat ons ernstige oorweging moet skenk aan 'n diep-maroen baadjie met die Universiteitswapen op die borssak.

Wat die boskrif by die Universiteitswapen betref, was die uitslag soos volg: *Oud-Matie*—320, *S.O.S.U.*—125, *S.O.*—67, *Oud-Matiebond*—40, *Oud-Maties*—39.

Daar was feitlik geen besware teen die voorgestelde das nie. Die Komitee is die mening toegedaan dat die das van dieselfde kleur as die baadjie moet wees.

Na 'n lang bespreking het die Komitee besluit om so gou moontlik die spesifieke materiaal te bekomen en dan drie „proefbaadjies” — 'n silwergryse, 'n donkerbloue en 'n diep-maroen

baadjie (almal sonder omboorsel) — te laat maak. Op die borssak sal die Universiteitswapen met die woord *Oud-Maties* daarby, verskyn.

Die „proefbaadjies” sal so spoedig moontlik na al die takke van die Oud-Matiesbond en na ander sentra waar daar baie oud-Maties woon, gestuur word. Die stemming wat dan sal plaasvind, sal as finaal beskou word.

Mag die kleurbaadjievraagstuk binnekort opgelos wees!

Omvattende Reeks Musiekkonserfe

GEDURENDE die eerste semester het ons weer eens die voorreg gehad om na 'n reeks musiekkonserfe deur plaaslike en besoekende kunstenaars te luister. Ons noem ten eerste die volledige uitvoering van J. S. Bach se Johannes-Passie onder die bekwame leiding van Chris Swanepoel. Hierdie uitvoering in die Moederkerk op Goeie Vrydag was 'n onvergetlike ervaring. Ons hoop van harte dat dit 'n jaarlike instelling sal word.

Die uitvoerings deur die Weense Seunskoor en die Amerikaanse Westminster Singers het ook groot byval gevind.


Dan was daar natuurlik die besoek van Hanlie van Niekerk, 'n oud-Maties wat reeds 'n skitterende loopbaan as opera-sangeres in Europa agter die rug het. In 'n kort toespraak het sy gesê dat sy Stellenbosch uitgesoek het as die plek in Suid-Afrika waarheen sy liefsal wil terugkeer.

Op 22 Mei is 'n simfoniekonsert deur die Kaapstadse Stadsorkes o.l.v. die Oostenrykse dirigent, Franz Litschauer, aangebied. Lionel Bowman, senior lektor in klavier aan die Konservatorium, het by hierdie geleentheid 'n meesterlike vertolking van Beethoven se Keiserkonsert gegee. Met hierdie konsert is die veldtog om 'n nuwe fonds — die U.S. Musiekfonds — op te bou, suksesvol van stapel gestuur. Hierdie fonds sal gebruik word om die plaaslike musieklike te bevorder en konserte deur wêreldberoemde kunstenaars moontlik te maak.

Die beroemde Tsjeggiese Suk-trio het vir 'n onvergetlike kamermusiekaand gesorg en Lady Maud, eggenote van die Britse Hoë Kommisaris, het 'n mooi klavieruitvoering gegee.

Vir die res van die akademiese jaar is daar vir elke week ten minste een musiekkonsert beplan. Hoogtepunte waarna uitgesien word, is die Sangfees (10, 11 en 12 September), die uitvoerings van die Konservatoriumkoor o.l.v. die wêreldberoemde dirigent, Kurt Thomas

Op Woensdagaand, 6 Mei 1959, het die Universiteitsraad 'n dinee ter viering van die publikasie van die ses dele van Van Riebeeck se Dagverhaal in Nederlands en Engels in die Klub Here XVII aangebied. Op die foto verskyn 'n aantal van die hooggeplaaste wat die eetmaal bygewoon het: Prof. Thom (redakteur van die Engelse dele van die Dagverhaal), Sy Edele adv. J. H. Conradie, Sy Edele J. J. Servfontein en ds. J. S. Gericke.



Mnr. Fanie Jacobs, student in die Teologie, het vanjaar die Wolnit-wisselbeker vir Redenaars gewen. Hier oorhandig die Registrateur, prof. S. J. Pretorius, die beker aan mnr. Jacobs. Heel links verskyn mnr. J. M. Neethling, Wes-Kaaplandse verteenwoordiger van die Wolnit-Korporasie Bpk., en heel regs prof. Erika Theron, een van die beoordeelaars.



Mev. Maria Malan het op die aand van 6 April by die Afrikaanse Taalfees in die Stadsaal in Kaapstad 'n gedenkpenning wat vir die Taalfees in 1913 geslaan was, aan prof. H. B. Thom, Rektor van die Universiteit en Voorsitter van die F.A.K., oorhandig vir veilige bewaring deur die F.A.K. Prof. Thom het die huldigingsrede oor dr. D. F. Malan as taalstryder gelewer.



U kan meer as

£ 5 0 0

ryker wees as u vir 'n tydperk van sowat 46 maande elke maand £10 op Subskripsie-aandele by Saambou belê. U kan volle besonderhede verkry van u naaste takbestuurder of verteenwoordiger van



SAAMBOU

(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

— waar u tuis voel, en u geld vinnig vermeerder.

Takke te Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth, Oudtshoorn, De Aar, Durban, Johannesburg, Pretoria, Klerksdorp, Pietersburg en Windhoek.
Agentskappe dwarsdeur die Unie en Suidwes.

(Stellenbosch: 9 Oktober; Bellville: 10 Oktober), en 'n konsert deur die beroemde Franse kunstenaars Maurice Fueri (viool) en Jean Hubeau (klavier).

Universiteitskoor Bedrywig

DIE Universiteitskoor het 'n baie bedrywige eerste semester agter die rug. Reeds 'n week voor die aanvang van die klasse in Februarie het mnr. McLachlan en sy koorlede in die skildergatige munisipale park van Ceres bymekaargekom.

Op Van Riebeeckdag (6 April), tydens die eerste van die reeks Taalfeeste in Kaapstad, het die Koor sy eerste uitvoering van die jaar gelewer en 'n gewaardeerde bydrae tot die luiserryke geleentheid gemaak.

In die April-vakansie is 'n konserttoer na die volgende plekke onderneem: Mosselbaai, Oudtshoorn, Uniondale, Joubertina, Humansdorp, Uitenhage, Port Elizabeth en George. Benewens die aanduitvoerings het die Koor ook 'n bydrae gelewer tot die Skoolkermisprogram op Joubertina en 'n spesiale konsert vir 900 senior leerlinge in die stadsaal van Uitenhage gehou. Die toer was sonder twyfel 'n groot sukses en die Koor het oral blyke van lof en waardering ontvang. Ons wil graag met die hoogste waardering melding maak van die wonderlike gasvryheid waarmee die koorlede oral ontvang en gehuisves is.


Gedurende die tweede kwartaal is die volgende spesiale uitvoerings ten behoeve van bepaalde instansies gelewer: in Sassa vir die besoekende staatsamptenare en volksraadslede uit die Noorde; op Somerset-Wes vir die Afrikaanse Kultuurvereniging en op Saldanha vir die Militêre Akademie. Ten slotte is daar, op spesiale versoek, 'n uitvoering in die Presbiteriaanse Kerk, Bellville, gegee.

In die derde kwartaal het die Koor opgetree in die konsertreeks wat op Stellenbosch aangebied is ter viering van die halfeufees van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Soos gewoonlik sal die Koor in September vanjaar weer 'n belangrike aandeel in die Sangfees neem. Die Koor het verder twee baie belangrike opdragte ontvang: ten eerste van die F.A.K. om plaatopnames van Afrikaanse musiek te maak vir vrystelling gedurende die Unifeesjaar, en ten tweede van die Unifees-musiekkommissie om in Mei 1960 deel te neem aan die feesprogram in Bloemfontein. Vir hierdie geleentheid het die Koor 'n spesiale komposisie van Hubert du Plessis gekies.

DIE Departement van Geologie is in 1911 gestig toe die Universiteit van Stellenbosch nog die Victoria-Kollege was. Die eerste hoogleraar in die vak as afsonderlike departement was prof. S. J. Shand wat van die begin af 'n hoe wetenskaplike peil gehandhaaf het en gesorg het vir sowel 'n ekstensieve as 'n intensieve opleiding — 'n beleid wat vandag nog met groot welslae deur sy opvolgers, proff. D. L. Scholtz en M. S. Taljaard, voortgesit word.

Die studentetalle in die Departement het oor die jare geleidelik toegeneem en veral in die nagraadse kursusse was daar 'n aanmerklike stijging na die Tweede Wêreldoorlog. 'n Afdeeling vir Geofisika is in 1954 ingestel hoofsaaklik as gevolg van geldelike ondersteuning van die Okiel-Kopermaatskappy van Nababiep, 'n waardevolle bydrae wat deur die Departement en Universiteit hoog op prys gestel word.

Die Geologie-departement is een van die departemente aan die Universiteit wat besondere waarde heg aan die beskikbaarstelling van die resultate van wetenskaplike navorsing deur middel van publikasie. Afgesien van gereeld bydraes in die „Transactions of the Geological



Mnre. S. Maske (senior lektor) en H. J. Hanekom (nagraadse student) by die X-sstraalkamera wat gebruik word om minerale te identifiseer. Daar is maar ongeveer 4 van hierdie apparaate in ons land.


Die Departement van Geologie

Studente bestudeer 'n rotsmonster in die museum van die Dept. van Geologie. Die versameling minerale in die museum is baie volledig vir studiedoeleindes. Die Departement beskik ook oor besonder seldsame fossiele.



Society of South Africa" het die Departement sedert 1937 gesorg vir gesamentlike bydraes in drie dele van die Annale van die Universiteit (Deel 22, 1944; Deel 26, 1950 en die Shandherdenkingsdeel 33, 1957).

Hierdie publikasies het in wye kring die aandag getrek en lof ingeoës. So skryf 'n kritikus in „The South African Mining and Engineering Journal" (Deel 68, afdeling 2, No. 3379, 1957) oor die Shand-uitgawe: „The dissertations embodied are mostly M.Sc. and two D.Sc. theses. These cover a wide range of subjects, including economic geology, morphology, sedimentation, stereographic projection, petrography and mineralogy. This indicates the versatility of the research work carried out in the department and reflects great credit on the small staff under the guidance of Professors Scholtz and Taljaard, as well as on the students themselves." Prof. E. W. Heinrich van die Universiteit van Michigan, skryf in „The American Mineralogist" (Deel 63, 1951, p. 791): „Throughout the volume the authors and editors have successfully maintained a high standard — in content, organization and presentation." Ander gunstige beoordelings oor hierdie



Die Foto-mikroskoop waarmee fotos van rotsdunsuite geneem word.

bepaalde werk en soortgelyke publikasies van die Departement is ontvang van prof. J. D. H. Donnay (Johns Hopkins-Universiteit, Baltimore), prof. Tom. F. W. Barth (Oslo), prof. J. S. Stevenson (McGill-Universiteit, Montreal), prof. Ian Campbell (California Institute of Technology) en baie ander.

Die Departement is besonder trots op sy oudstudente, baie van wie uitstekende bydraes op die gebied van ekonomiese en strukturele geologie hier en oorsee gelewer het. Verskeie van hulle is dosente aan Suid-Afrikaanse en oorsese universiteite; ander is by die Geologiese Opname van Suid-Afrika of groot nywerhede en maatskappye werksaam. In Kanada, Nigrië, Kenia en dwarsoor die Unie en die Federasie is oudstudente van ons Geologie-departement dikwels in sleutelposisies werksaam.


'n Mooi gebaar het onlangs van mej. Helen B. Shand, 'n suster van wyle prof. S. J. Shand, hoogleraar in die Geologie en Mineralogie aan die Universiteit van 1911 tot 1937, gekom. Sy het die bedrag van £500 aan die Universiteit geskenk, met die oog op die instelling van 'n „Shand Memorial Medal Award". Hierdie toegekenningsal dien ter herinnering aan die werk wat prof. Shand aan die Universiteit gedoen het en sal jaarliks aan die beste nagraadse student in die rigting Mineralogie-Petrologie toegeken word. Die talryke oudstudente van prof. Shand sal saam met die huidige personeel en studente van die Departement Geologie en die hele Universiteit hierdie skenking wat weer die hoë verdienstes van prof. Shand as wetenskap-

like, as dosent en as mens in die herinnering roep, op prys stel.

Die huidige personeel van die Departement met hulle onderskeie vakgebiede, is as volg: Prof. D. L. Scholtz doseer Mineralogie en Petrologie, prof. M. S. Taljaard neem Morfologie en Stratigrafie vir sy rekening, mnr. I. C. Rust behartig die Struktuur-geologie, terwyl mnr. S. Maske, onlangs terug van Colorado en Harvard, beheer het oor die Afdeling vir Geofisika, X-sstraal-analise en Gevorderde Toegepaste Mineralogie. Die dosente is dit eens dat mej. E. H. Smuts, die gegradsueerde tegniese assistente van die Departement wat ook al die kartografiese werk verrig, 'n onmisbare skakel in die bedrywigheid van die Departement uitmaak. Die kaarte en diagramme wat sy met die hand teken, vergelyk baie gunstig met die beste werk van dié aard wat oorsee gedoen word. Daarby beheer mej. Smuts die biblioteek van die Departement en sorg sy vir die etikettering en organisasie van die Museum.


Soos 'n ruk gelede in „Matieland" berig, het die Departement Geologie 'n reeks lapelknopies beskikbaar gestel wat deur studente en oudstudente van die Departement gedra word. Hierdie knopies is baie gewild en het ongetwyfeld bygedra tot 'n gesindheid van saamhorigheid en kollegialiteit onder die Matie-geoloë. Die Departement kyk met trots terug op die skof wat agter lê en sien die toekoms met vertroue tegemoet.

Prof. Taljaard en 'n groep studente op 'n „Geologie-toer". Hierdie foto is in Julie 1957 naby Matjiesfontein geneem. Die groep het altesaam 1,500 myl per trein afgelê met behulp van 'n spesiale studiekonsessie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë.



FRICK SE NAAIMASJIENE

(gestig 1916)
VIR KWALITEIT-NAAIMASJIENE EN -ONDERDELE



Ons verkoop die beste soorte. Nuut en gebruikte
masjiene. Ons handel enige ou masjiene in. Reparasies
en navrae word verwelkom. Groot- en Kleinhandel.

Skryf of besoek ons by: VOORTREKKERWEG 35 (Busstop 53), PAROW of foon 98-6489.

GROSVENOR MOTORS

is die Uniale

Ford-hoofhandelaars

GROSVENOR MOTORS

Breëstraat 61, Kaapstad. Tel.: 2-5521

Ook te:

Johannesburg Tel.: 22-0961



Durban Tel.: 2-8956

Oos-Londen Tel.: 2255

GM 6884

Die Kweekskool vier Eeu fees

deur Prof. F. J. M. Potgieter

SONDER vrees vir teëspraak kan 'n mens die stelling neerlê dat Stellenbosch die buitengewone plek wat hy in die lewe van die Afrikanervolk inneem, tot 'n groot mate aan die oprigting van die Kweekskool te danke het. Dit was die *alumni* van dié inrigting wat hulle besondere liefde vir die Eikestad in die aanvangsjaare oor die lengte en breedte van ons vaderland uitgedra het, en talle gemeentesuns en -dogters oorred het om hul skrede na dié opvoedingsentrum te rig.

Graag voldoen ek dan ook aan die versoek van die redaksie om iets oor dié inrigting mee te deel. Daarvan kan inderdaad gesê word dat dit uit 'n noodtoestand gebore is. Gedurende die twintigerjare van die vorige eeu was daar nie genoeg leraars om die gemeentes doeltreffend te bearbei nie. Terwyl die Kaapkolonie in 1814 Britse gebied geword het, en die kerkverband met die moederkerk in Nederland verbreek is, was dit duidelik dat 'n ander oplossing gesoek sou moes word.

Prop. Abraham Faure, 'n jongman van helder insig, het aan die hand gedoen dat 'n eie seminarie opgerig moes word, en, met die oog op die Sinode van 1824, in *Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift* 'n pleidooi hiervoor gelewer. Ten gevolge van sy optrede het die Sinode 'n kommissie benoem om 'n konsepreglement vir 'n seminarie op te stel. Op die eersvolgende Sinode kom die saak weer ter sprake en allerlei planne word beraam om uitvoering aan dié gedagte te gee. Maar terwyl die Owerheid geen geldelike steun wou verleen nie, was die Sinode van 1834 verplig om voorlopig van die saak af te stap.

Teen 1847 was daar so 'n ernstige gebrek aan leraars dat daar opgetree moet word. Talle nuwe gemeentes is intussen gestig en buite die grense van die Kolonie was daar die volksgenote wat herderloos was. Maar daar was ook 'n ander drangrede, nl. die invloed van die liberalisme in Europa, en met name ook aan die Nederlandse universiteite waar die jong

DIE PROFESSORE VAN DIE KWEEKSKOOL:

Voor van l. na r.: Proff. P. A. Verhoef, J. C. G. Kotzé, B. B. Keet, W. J. van der Merwe en J. J. Müller. Agter: Prof. F. J. M. Potgieter.



Afrikaners hulle opleiding geniet het. Ná die Sinode van 1852 kon die Sinodale Kommissie reeds die eerste benoemings maak. Die keuse het op die bekende outeur van die *Camera Obscura*, t.w. Nicolaas Beets, destyds predikant van Heemstede, en op ds. F. G. van der Ham van Utrecht geval. Beide het ewenwel bedank.

Gedurende die reses is daar 'n heftige pennestryd in verband met die voorgestelde seminarie gevoer. Die vernaamste teëstander was dr. Changuion, ouderling van die gemeente Kaapstad en uitgesproke voorstander van die liberalisme. In 'n reeks briewe in *De Zuid-Afrikaan* het hy sy standpunt gestel: die bestaan van so 'n inrigting sou nie weldadig wees nie, maar veleer skadelik; dit kon aanleiding word tot die verval van die leraarstand en tot 'n skeuring in die Kerk; twee professore sou die werk nie kon behartig nie, ens. Dit het egter gou gevlyk dat daar eintlik 'n dieperliggende rede vir die teëstand was, nl. die vrees by die liberaliste, wie se mondstuk dr. Changuion was, dat behoudende hoogleraars verkies sou word. Aan pleitbesorgers vir die oprigting van 'n kweekskool het dit gelukkig ook nie ontbreek nie. In dié hoedanigheid het ds. (later prof.) N. J. Hofmeyr en ds. J. H. Neethling hulle onderskei. Die verweer van eersgenoemde het in *De Zuid-Afrikaan* en in *De Kerkbode* verskyn. Hy het o.a. aangevoer dat daar aan die universiteite in die buiteland, waar die leraars van die Kerk opgelei word, manne is wat die vernaamste geloofswaarhede loën en dat die Kerk magteloos daartenoor staan. Teenoor die bewering van dr. Changuion dat die stigting van die Kweekskool 'n skeuring kon veroorsaak, betoog hy dat so 'n skisma huis voorkom sou word indien regsinngige hoogleraars benoem sou word. Immers, die ware ortodoxie handhaaf wel die leertug, maar is nie soos die liberaliste vervolgsiek jeens andersdenkendes nie. Teenoor 'n stelling van dr. Changuion dat die vrye gees van die mens nie in die middeleeuse bande van formuliere en sinodale uitsprake gewring mag word nie, antwoord ds. Neethling dat ons *Formuliere van Enigheid* niks met die

middeleeue te maak het nie, maar juis ontstaan het uit verset teen die middeleeuse dwingelandy van die pous, wat die vryheid van die gewete wou bind.

Op die Sinode van 1857 is toe met 'n oorweldigende meerderheid besluit dat 'n kweekskool opgerig moes word. Ds. G. W. A. van der Lingen van die Paarl en ds. John Murray is daarop deur die Sinodale Kommissie as professore gekies. Eersgenoemde het bedank en in sy plek is ds. N. J. Hofmeyr benoem. Op 1 November 1858 sou die inrigting geopen word. Dit was egter destyds geen grap om toeletting tot die Kweekskool te verkry nie. 'n Mens lees bv. in die reglement vir die admisie-eksamen: „De examinandi zullen uit het Grieks in het Latijn moeten vertalen, en wanneer sy door eenen examinator in het Latijn ondervraagd worden ook in het Latijn moeten antwoorden.” Geen wonder dat die eerste vier studente eers in 1859 ingeskryf word nie! Gevolglik het die plegtige opening op 1 November van dié jaar plaasgevind.

'n Groot skare het in die kerkgebou vergader, waar prof. Hofmeyr 'n treffende feesrede uitgespreek het. Daarna het die optog onder ereboë heen na die ou Drosdygebou, wat as geskenk aangebied is, plaasgevind. Veertig dogters het met kwistige hand blomme voor die prosessie gestrooi. Daar het prof. Murray 'n rede gehou oor *De Studie van de Theologiese Wetenschap in Zuid-Afrika*.

Aan die stigters van 'n geseënde inrigting bring 'n dankbare nageslag ná honderd jaar hulde! Bowenal aan God wat dit so beskik het die eer! Gedurende die afgelope eeu is sowat 1,600 leraars aan die Kweekskool opgelei. Ses professore behartig tans die voorlesings wat die hele gebied van die teologie dek. Juis in hierdie eufeesjaar is 'n leerstoel vir die sendingwetenskap en -geskiedenis ingestel. Gedurende die eerste dae van Desember word hier (D.V.) op luisterryke wyse feesgevier en weer eens sal 40 dogters blomme strooi voor die prosessie wat met dankbare harte na die Kweekskool sal opgaan.

NUUS VAN OUD-MATIEBONDTAKKE

Cradock

DIE Oud-Matiebondtak van Cradock het by geleentheid van Intervarsity op 30 Mei 'n baie aangename funksie gehou. Ongeveer dertig

oud-Maties het in die skeerhuis van die Hoër Landbouskool Marlow byeengekom om na die uitsendings in te luister en daarna weg te lê aan gebraaide wors en vleis.

Hierna het die formele vergadering plaasgevind en die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: Mnr. J. B. de Jager (B.Sc. 1929); Vise-Voorsitter: Mnr. A. B. du Toit (B.A. 1932); Sekretaris: Mnr. Herman Bekker (M.Sc. in Landb. 1944); Addisionele lede: Mej. S. E. Heyns (H.P.O.D. 1931), mnr. G. J. van Lill (B.A. 1939, M.Ed. 1955) en mnr. J. J. Moolman (B.Sc. in Landb. 1948).

Die vergadering het algemene instemming betuig met die verkiesing van Sy Ed. dr. T. E. Dönges tot Kanselier van die Universiteit. Die Sekretaris skryf in hierdie verband: „Die hoop word uitgespreek dat hy lank gespaar sal bly en goeie gesondheid sal geniet om die Universiteit in hierdie hoedanigheid lank te kan dien.”

Kaapse Skiereiland

Die Skiereilandse tak het op 24 April 1959 'n baie geslaagde funksie op 'n plaas naby Bellville gehou. By hierdie geleenthed het mnr. P. J. Lombard, hoof van die Inligtingsburo van die Universiteit, die voorlopige ontwerp van een van die nuwe voorgestelde oud-Matiebaadjies (die grys met omboorsel) vertoon. Die aanwesiges het hulle ten gunste van 'n donkerblou baadjie met die Universiteitswapen op die borssak uitgespreek.

Oudtshoorn

Gedurende die afgelope April-vakansie het die Universiteitskoor ook op Oudtshoorn 'n uitvoering gegee. Die Oud-Matiebondtak het al die organisasiewerk gedoen en volgens mnr. P. McLachlan, koorleier, was dit puik. Mnr. A. van Niekerk, sekretaris van die Tak, skryf dat die Koor 'n program van hoogstaande koorsang gelewer het en dat die gehoor elke nommer ten volle geniet het. Die Koor het ook by geleenthed van die eredienste in die Moederkerk en die Kerk van Oudtshoorn-Wes opgetree.

Port Elizabeth

Mnr. D. J. Visser, die ywerige sekretaris van die Port Elizabeth-tak, skryf dat die eerste funksie van die Tak vanjaar op 30 Mei plaasgevind het. Ongeveer 30 oud-Maties (en 'n paar oud-Ikeys) het op die plaas van mnr. P. Dodds in die Baakensriviervallei byeengekom om na die uitsending van die Intervarsity-rugbywedstryd te luister. Daar is gesing en geskerts en die sêgoed het ook nie ontbreek nie. Die sege van die Matiespanne het die fees-

vreugde verder aangewakker en almal het dan ook daana weggelê aan heerlike gebraaide vleis en wors.

Die Universiteitskoor het gedurende die April-vakansie ook in Port Elizabeth opgetree. Die Bestuur van die Tak het die nodige reëlings vir hulle besoek getref. Die Sekretaris deel ons mee dat die uitvoering besonder baie byval gevind het en sluit vir ons 'n uitknipsel in van 'n verslag wat in *Die Oosterlig* verskyn het. Die eerste drie paragrafe van die verslag wat deur J.V. geskryf is, lui as volg:

„Dit was skitterend! Dit is omtrent die enigste kommentaar wat ek kan lewer op die koorsang van die Universiteit van Stellenbosch wat Vrydag aand in die Stadsaal opgetree het.

Die verstandhouding tussen die koor en die dirigent was uitmuntend en so ook was die tweesange.

Mnr. McLachlan verdien alle lof vir die koor se welslae.”

Pretoria

Die sekretaris van die Pretoria-tak, mnr. A. J. Esterhuyse, skryf dat die Jaarvergadering van die Tak wat op 10 April 1959 plaasgevind het, deur ses-en-sestig oud-Maties bygewoon is.

Mnr. Gideon Roos, direkteur-generaal van die S.A.U.K., het as gasspreker opgetree. Sy onderwerp was: *Oorlog in die Lug*. Hy het op 'n uiters interessante en boeiende wyse aan die gehoor geskets hoedat die radio ten goede en ten kwade aangewend word. Ook het hy verduidelik hoe die radio vir propagandistiese doeleindes ingespan word. Ten slotte het mnr. Roos die rol van die S.A.U.K. in Suid-Afrika geskets.

Onder die aanwesiges is opgemerk prof. en mev. Ben Marais, dr. en mev. Meiring Naudé, dr. en mev. S. J. du Plessis, dr. en mev. J. C. du Plessis, dr. en mev. M. M. Loubser, mnr. A. M. Neethling en ds. H. Louw van Kenia.

Die volgende Bestuur is vir 1959 en 1960 gekies:

Voorsitter: Mnr. H. C. Raubenheimer (B.Sc. in Landb. 1932); Vise-Voorsitter: Mnr. H. P. Dekker (M.A. 1924); Sekretaris: Mnr. A. J. Esterhuyse (B.A. 1947); Penningmeester: Dr. J. J. D. Willers (B.Comm. 1948); Addisionele lede: Dr. M. M. Loubser (B.A. 1909, D.Sc. (h.c.) 1942), mev. A. J. Raubenheimer (B.A. 1927), dr. D. van Zyl (M.A. 1944, D.Phil. 1948), mnr. E. P. Evans (M.Sc. in Landb. 1953) en mej. A. M. du Toit (B.Sc. 1958).

Mnr. Esterhuyse skryf verder dat daar tans 611 oud-Maties op die lys is, maar dat hy

VIR AL U BENODIGDHEDE

NASLAANBOEKE

HANDBOEKE

WOORDEBOEKE

DRUKWERK

SKRYFBENODIGDHEDE

Besoek u Boekwinkel

MASKEW MILLER BEPERK

BURGSTRAAT 7-11,

KAAPSTAD.

Die Persoon Wat Kan Saampraat

LEES

Die Huisgenoot



ORAL VERKRYGBAAR

1/-

U BESPAAR 17 EKSEM-
PLARE PER JAAR AS U
INTEKEN BY POSBUS
1802, KAAPSTAD.



Intekengeld (per jaar): Unie, £1/15/0; Rhodesië, £1/17/0; Buiteland, £2/10/0.





JAARVERGADERING, PRETORIA-TAK

Mnr. H. P. Dekker (met rug na kamera), mev. H. P. Dekker, mnr. H. C. Raubenheimer (voorsitter), mev. Gideon Roos, mnr. Gideon Roos, mev. M. M. Loubser en dr. M. M. Loubser (add. lid).

graag nog meer name en adresse van oud-Maties in Pretoria wil bekom. Sy adres is: Kelvinhof No. 107, Pretoriussstraat 625, Arcadia, Pretoria. Foonnombmers: 2-6404 en 4-3558.

Queenstown

Mnr. A. C. van Niekerk, sekretaris van die Queenstown-tak, stuur 'n aantal nuusbrokkies en verseker ons dat die bande nog stewig is en dat alle nuus rakende die Alma Mater gretig opgepik word.

Die Tak het ook die nodige reëlings getref vir die ontvangs van die groep studente wat 'n konsert op Queenstown ten behoeve van die Langenhoven-Gedenksaal gehou het. Hy skryf verder: „Ons as 'n Tak sal probeer om self 'n mooi bydrae vir die Langenhoven-Gedenksaal by 'n later geleentheid by te bring.”

Rom-Rom

Op 14 April 1959 het die oud-Maties aan die Oos-Rand in Boksburg byeengekom om 'n tak van die Oud-Matiefond te stig.


Mnr. De Clerq, voorsitter van *Umpa*, en mev. De Clerq het die vergadering bygewoon en die seën en goeie wense van *Umpa* aan die nuwe Tak oorgedra.

Die volgende Bestuur is gekies:

Voorsitter: Mnr. S. J. van der Merwe (B.Sc. Ing. 1952); Vise-Voorsitter: Mnr. J. M. Neser (B.A., LLB. 1950); Sekretaresse: Mev. E. C. Gildenhuys (B.Comm. 1944); Penningmeester: Mnr. G. W. Loedolff (B.Sc. Ing. 1950).

Mev. Gildenhuys skryf dat die nuutgestigte Tak sy eerste funksie in die vorm van 'n braai-vleis langs die Germistonmeer op 6 Junie 1959 gehou het. Onder leiding van mnr. Mike Neser, oud-onderdirigent van die Maties, het Intervarsityliedjies weerklank en menige hart het weer baie jonk gevoel. Die funksie was 'n baie groot sukses en 'n gesonde kern vir die Tak is gevorm.

(Namens die lesers van *Matieland* wens ons die eerste Bestuur van Rom-Rom van harte geluk met die onderskeidiging wat hulle te beurt gevall het. Mag Rom-Rom 'n ware steunpilaar van die Oud-Matiefond word!—Red.)



Alle grappies op 'n stokkie...

Motorenjins raak al vinniger, sterker en meer veeleisend. Die olie waarop u besluit moet onder alle omstandighede en in alle temperature beskerming verleen. *Een* olie is uitstekend aangepas om aan al hierdie vereistes te voldoen — Shell X-100 Multigraad.

Maar wat beteken 'Multigraad' nou eintlik?

Dit beteken dat drie verskillende grade in een olie saamgevat word. Daarom is Multigraad altyd *net* reg. Dis reg vir vinnige vat, reg vir haastige warm word van die enjin en reg vir lang veeleisende ritte. Shell X-100 Multigraad verleen meer beskerming en bespaar petrol (tot 15%). Die klein ekstra koste van Shell X-100 Multigraad word gou deur die groter besparing gekanselleer.

slaan vandag oor na **Shell Multigraad**

U kan reken op



Wellington

Op Vrydagavond, 29 Mei, het die Wellingtonse oud-Maties hulle eerste vergadering van die jaar gehou by welke geleentheid die volgende Bestuur gekies is:

Voorsitter: Mn. A. J. Truter (M.A. 1939);
Vise-Voorsitter: Mn. G. P. Lochner (B.Sc. 1933); Sekretaris: Mn. M. C. Roos (B.Comm. 1956); Tesourier: Mn. B. van Niekerk (B.A. 1939).

'n Baie interessante praatjie oor die onderwerp *Vlieënde Pierings* is deur mn. J. F. Uys,

senior lektor in die afdeling Elektrotegniese Ingenieurswese van die Universiteit van Stellenbosch, gelewer.

Mnr. Roos skryf dat die praatjie nou tot gevolg het dat daar op Wellington 'n groep mense is wat nie meer besoekers van Mars en Venus as blote fantasie aanvaar nie. Die spreker is deur mn. C. P. van der Merwe bedank.

Met die uitsondering van die Sekretaris wat 'n oud-Wilgenhoffer is, het al die lede van die Bestuur tydens hulle studentejare in Dagbreek ingewoon. Die Sekretaris gee ons egter die verzekering dat die Wilgenhoffer die fort sal hou teen die Dagbrekers!

VAN HEINDE EN VERRE

Dr. N. A. B. Bestbier (B.Sc. in Landb. 1943) is as hoofbestuurder van die Sagtevrugteraad aangestel.

Mej. A. H. Preller (B.A. 1958) het diens aanvaar by die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Pretoria, waar sy vertaalwerk doen.

Mnr. P. du Preez (M.Sc. 1958) is as skeikundige aan die Potchefstroomse Landboukollege aangestel.

Mnr. F. D. Conradie (B.A., LL.B. 1940) praktiseer as prokureur op Uitenhage en Despatch.

Mev. F. D. Conradie (B.A. 1939) het aan die einde van 1958 haar derde roman, *Trots Swyg die Berge*, voltooi.

Mnr. A. J. Nothling (B.Sc. in Landb. 1936) wat tans algemene bestuurder van die *Pongola Sugar Milling Company* op Pongola is, skryf dat hy en ds. H. M. du Plessis (B.A. 1948) die enigste twee oud-Maties in daardie omgewing is.

Mnr. T. E. Bohlman (B.Sc. in Landb. 1958) is as tuinboukundige aan die Potchefstroomse Landboukollege aangestel.

Mnr. Justus van der Spuy (B.A. 1936, S.O.D. 1937), verkoopsbestuurder van *The United Tobacco Companies (South) Limited* in die Transvaal, het onlangs teruggekeer van 'n sakebesoek in die buiteland. Hy en sy gade het Engeland, Jersey en Europa besoek.

Mnr. L. P. Nigrini (B.A. 1920) gee nog steeds onderwys aan die Hoërskool Zeerust in die Transvala.

Mnr. Ingö Hälbich (M.Sc. 1959) het die Corstorphine-medalje en die eerste prys van die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika ontvang. Dit is aan hom toegeken op grond van sy voortreflike M.Sc.-verhandeling. Sy navorsingswerk het gegaan oor die geboortegeskei-

denis of morfologie van die ysafsettinge in die omgewing van die Langberg by Loeriesfontein.

Die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika maak elke jaar vier toekenning aan kandidate van verskillende Suid-Afrikaanse Universiteite vir die beste M.Sc.-verhandelinge in die Geologie. Die hoogste toekenning is die Corstorphine-medalje. Daar is ook drie prys.

Mnr. Hein Louw het op 1 Mei 1959 die be-trekking Bestuurder Openbare Verhoudinge van Sanlam aanvaar.

Prof. en mev. G. B. A. Gerdener kuier by hulle kinders in Kanada. Hulle is voornemens om op 13 Augustus na Suid-Afrika terug te keer.

Mnr. W. S. Malherbe (B.Comm. 1947) en sy gesin het onlangs teruggekeer uit Kanada waar hulle vir 18 maande in Quebec en Toronto gewoon het. Mn. Malherbe is lid van die Rembrandt-organisasie.

Mnr. E. Booyse (B.A., LL.B. 1947) is tans assistent-senior-stataankaer in die Landdroshof van Johannesburg.

Mnr. J. P. van der Westhuysen (M.Sc. 1929), voorsitter van die Oud-Matiesbondtak van die Kaapse Skiereiland, is aangestel as eerste vak-kundige beämpte van die Wynbou-Enologiese Navorsingsinstituut in Kaapstad.

Mnr. J. G. Giliomee (B.Comm. 1942) boer tans in die distrik van Bredasdorp. Hy vra dat ons gereeld eksemplare van *Matieland* aan hom moet stuur sodat hy die interessante verwikkelinge aan die Universiteit kan volg. Hy skryf verder: „Daar kom soms oomblikke in die oor-volle dae dat daar 'n gedagte aan vergange se dae uitgaan. Dan is dit nie alleen heimwee nie, maar ook 'n groot gevoel van dankbaarheid om die voorreg te kon gehad het om in die volheid van die enigste Matieland op aarde te kon deel.“

Mnr. A. W. Dill (B.Sc. 1941, S.O.D. 1942), hoof van die Sendingskool op Fort Victoria, skryf dat hy *Matieland* terdeë geniet. Hy is sedert 1949 in die Masjonalandse Sendingveld. „Die skool staan op die vooraand van verdere uitbreiding, maar 'n groot probleem is personeel. Is daar nie van u lesers, of van die huidige studentekorps wat belang stel nie? Ons sou graag vir hulle van inligting wou voorsien.“ (Die volledige adres van mnr. Dill is: Zimuto-Sendingstasie, Possak 38, Fort Victoria, Suid-Rhodesië.)

Die volgende oud-Maties het bevordering ontvang in die Departement Landbou-ekonomiese Bemarking in Pretoria:

Mnr. A. R. Havemann (B.Sc. in Landb. 1930), hoof van die afdeling Ekonomie en Markte, is bevorder tot hoof van die afdeling Ekonomiese Dienste; *dr. B. J. Dippenaar* (D.Sc. in Landb. 1933), assistent-direkteur (Onderwys en Navorsing) is bevorder tot hoof van die afdeling Kommoditeitsdienste; *mnr. A. J.*

du Plessis (M.Sc. in Landb. 1931) is bevorder tot assistent-hoof van die afdeling Ekonomie en Markte; *mnr. B. J. van Niekerk* (M.A. 1929) is bevorder tot assistent-hoof van die afdeling Kommoditeitsdienste.

Die Universiteit het met diepe leedwese verneem van die heengaan van *mnr. Johan (Ba) Rabie* (M.Sc. in Landb. 1946) op 23 Mei 1959 en *mev. J. R. Coetzee* (mej. Twinkle Hanekom) op 4 Mei 1959. Mnr. Rabie het in die Draai-vleidam naby Worcester verdrink toe die jag waarmee hy en 'n vriend op die dam gevaa het, omgeslaan het. Mev. Coetzee, eggenote van mnr. Blaar Coetzee, L.V., het in 1934 die B.A.-graad en in 1936 die M.A.-graad (Engels) aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Ons dink met groot waardering aan die werk wat sy as lekrtise in Spraak, Voordrag en Toneel vanaf 1 Julie 1939 tot 31 Desember 1942 aan die Universiteit gedoen het. Die Universiteit wil die twee gesinne van sy diepe meegevoel verseker.

DIE „MATIELAND”-FONDS

TOT op 31 Oktober 1958 het ons lesers £369 3s. 1d. tot die fonds bygedra. Sedertdien is van die volgende persone bydraes ontvang wat ons hiermee met dank en waardering erken:

Totaal (tot 31 Oktober 1958) 369 3 1

Naam en adres	Bedrag £ s. d.
Anonieme Skenkings	10 8 6
Alberts, Mnr. H. A., „Die Bult”, Pk. Skeerpoort	1 0 0
Andrag, Ds. en Mev. R. G., Posbus 118, Bredasdorp	1 0 0
Aucamp, Mnr. J. D., Grootfontein-Landboukollege, Middelburg	10 0
Barnard, Mnr. P. D., „Vier Winde”, Port Shepstone	1 0 0
Barnardt, Mnr. H. v. d. W., Posbus 101, Louis Trichardt	1 1 6
Barry, Mnr. R. L., Posbus 7, Robertson	2 0 0
Bekker, Mnr. Herman, Hoër Landbouskool Marlow, Cradock	1 1 0
Berends, Mnr. J. J., Rowanstraat 25, Stellenbosch	1 0 0
Bergh, Mnr. F., Palmlaan 2, Boksburg	2 2 0
Bergh, Mev. J. M. C., Hartenbos, Mosselbaai	1 0 0
Bezuidenhoud, Ds. J. G., N. G. Pastorie, Barkly-Oos	1 0 0
Bosch, Mnr. J. F., Brandwag, Mosselbaai	1 0 0
Bosman, Mnr. F. H., Avignonhof 14, Uiestraat, Tuine, Kaapstad	1 1 0
Botes, Mnr. P. J., Elektrisiteitsdepartement, Posbus 217, Roodepoort	1 0 6
Botha, Mnr. J. H. P., Posbus 56, Vansrhynsdorp	1 0 6
Botha, Mev. M. C., Loganstraat 35, Touwsrivier	1 0 0
Botha, Mnr. W. J., Posbus 45, Smithfield	1 0 0
Bouwer, Mej. E. R., Rowan Koshuis, Zastron	8 0


Naam en adres	Bedrag £ s. d.
Bouwer, Mnr. G. J., Posbus 103, Kirkwood	1 0 0
Brink, Prof. H. E., Soeteweidestraat, Stellenbosch	1 0 0
Bruwer, Mnr. J. A., Unie-Sterrewag, Johannesburg	1 0 0
Bruwer, Mnr. P., Seunshostel, Mosselbaai	8 6
Burger, Ds. C. J., Posbus 116, Lilongwe, Njassaland	1 0 0
Burger, Mnr. C. P., p/a Vacuum Olie Maatskappy, Posbus 51, Rondebosch	1 0 0
Burger, Mnr. G. E., Kearsney-Kollege, Botha's Hill	1 0 0
Burnett, Mnr. H. J. R., Posbus 109, Vredendal	1 0 0
Carstens, Mnr. J. E., Posbus 82, Moerreesburg	2 0 6
Carstens, Mnr. W., Posbus 8014, Causeway, Salisbury, S.R.	1 0 0
Cilliers, Mnr. A. F., Posbus 32, Fraserburg	1 0 0
Cilliers, Mnr. C. A., Pretoriussstraat 990, Arcadia, Pretoria	2 2 0
Cilliers, Ds. P. L., Posbus 38, Barrydale	1 0 6
Coertzen, Mnr. F. P., Posbus 22, Wesselsbron	2 2 0
Coetzee, Mej. A. P., Posbus 29, Velddrif	1 0 0
Coetzee, Mnr. P. P., Bentley, Lansdowneweg, Claremont, K.P.	1 0 0
Coetzer, Mnr. H. S., Reigate, Pk. Thomasrivier, K.P.	5 0 6
Conradie, Mnr. A. F., Oakdale, Riversdal	1 0 0
Conradie, Mnr. C. F., Loskop, Murraysburg	1 1 6
Conradie, Mnr. en Mev. F. D., Kanonstraat 58, Uitenhage, K.P.	2 2 0
Conradie, Mnr. R. P., Louw Wepenerstraat 3, Bloemfontein	1 1 6
Cooke, Mnr. R., Posbus 2934, Salisbury, Suid-Rhodesië	2 0 0

Naam en adres			Naam en adres			Bedrag		
	Bedrag			Bedrag		£	s.	d.
Crous, Mn. M. M. C., Sparksweg 12, Ladysmith, Natal	1 0 0		Du Plessis, Mn. R., Fouriestraat 21, Despatch	1 0 0		1 0 6		
Daleboudt, Dr. H. M., Negende Laan 39, Bellville	1 0 0		Du Preez, Mn. D. M., Posbus 64, Vredendal	1 0 0		1 1 0		
Daneel, Prof. J. W., Onderwyskollege, Potschefstroom	1 0 0		Du Preez, Ds. J., Teologiese Skool, Decoligny, Umtata	1 0 0		5 0		
Daugherty, Mn. A. E., Posbus 214, Umtata	1 0 0		Du Rand, Mn. J. A., Posbus 28, Pretoria	1 0 0		1 1 0		
De Beer, Mn. en Mev. A. H. P., Pos- bus 19, Uniondale	1 1 0		Du Toit, Mn. B. J., Die Laan 9, Stel- lenbosch	1 0 0		1 0 0		
De Beer, Mn. D. W., Posbus 2760, Kaapstad	1 0 0		Du Toit, Mn. J., Main Drive 25, Seepunt, K.P.	1 0 0		1 0 0		
De Bruyn, Mev. A. J., Huis de Villiers, Stellenbosch	10 0		Du Toit, Mn. J. C., Posbus 1184, Pretoria Eich, Mej. M. E., Riebeeckstraat 78c, Worcester	1 0 0		1 1 6		
De Clerk, Mn. J. B., p/a Koringraad, Posbus 908, Pretoria	1 0 0		Eksteen, Mn. F., Posbus 217, Roodepoort Engela, Mn. J. H., Roselea-hof 23, Gordonweg 26, Durban	1 0 6		5 0 0		
De Groot, Mn. C. W., Nuwe Dorpsge- bied 87, Pk. Ulco	1 0 0		Engelbrecht, Mn. J. A., Posbus 4180, Kaapstad	1 0 0		10 0		
De Jager, Dr. J. J., Onderwyskollege, Potchefstroom	1 0 6		Engelbrecht, Mn. J. J., Derde Sirkel 85, Pk. Ulco	1 0 0		1 0 0		
De Jongh, Mn. L. J., Badsberg Ko- operatiewe Wynkelder Bpk., Groot- vlakte, Rawsonville	1 2 6		Erasmus, Dr. J. E., S. E. Landbou- kollege, Stellenbosch	1 0 0		1 0 0		
De Kock, Mn. M. D., Posbus 233, Queenstown	2 2 0		Erasmus, Mn. S. P., Vrugtenavorsingsbe- ampte, Posbus 43, Joubertina	1 1 0		1 1 0		
De Kock, Dr. M. H., Reserwebank, Pos- bus 427, Pretoria	1 1 0		Esterhuizen, Mn. T. H. J., Tegniese Kollege, Pietermaritzburg	1 1 0		1 1 6		
De Kock, Mn. P. P., Posbus 59, Bethal, Transvaal	1 1 0		Esterhuysse, Ds. D. C., Posbus 14, Mufulira, N.R.	1 1 0		1 1 6		
De Kock, Mn. T. J., Raathstraat 33, Horison, Roodepoort	2 0 0		Fagan, Dr. H. A., „Keurbos”, Primrose- laan, Claremont	1 1 0		1 1 0		
De Lange, Mn. M. C., Sydenhamweg 44, Port Elizabeth	1 0 0		Fick, Mn. J. S., Posbus 62, Worcester Frick, Mn. H. P., Beechamstraat 12, Heidelberg, Tvl.	2 2 0		2 2 0		
De Villiers, Prof. O. T., Hofmeyrstraat, Stellenbosch	1 0 0		Ganschow, Mn. W. K. H., p/a Afdeling Waterwese, P/s Ausspannplatz, Wind- hoek	1 1 0		2 0 0		
De Villiers, Mn. en Mev. S. G., Burg- straat 28, Wellington	1 0 0		Geldenhuys, Mn. G. L., Hoërs Tegniese Skool Drostdy, Worcester	1 1 0		1 0 0		
De Villiers, Mn. T. H., Regent Circus 3, Tamboerskloof, Kaapstad	1 0 0		Gertenbach, Mn. C. W. v. B., Botha- straat 99, Potchefstroom	1 0 0		10 6		
De Vos, Ds. G., Posbus 45, Jan Kemp- dorp	1 0 0		Gous, Maj. J. P., Lydialaan 730, Villeria, Pretoria	1 0 0		1 1 6		
De Vries, Mn. G. S., Kragstasie, Bloem- fontein	1 0 0		Greeff, Mn. Johan, Privaatsak 701, Marandellas, S.R.	1 0 0		10 0		
De Vries, Mn. I. J. M., Posbus 416, Windhoek	1 0 0		Griesel, Ds. J. J., Posbus 6, Morgenzon, Transvaal	1 0 0		1 0 0		
De Waal, Mev. H. E., Staatskool, Hlobane, Natal	1 0 0		Grobler, Ds. J. L., Posbus 265, Rusten- burg, Tvl.	1 0 0		1 0 0		
De Wet, Mn. L. J., Hoërskool, Theunissen	1 0 0		Groenewald, Mn. B. J., p/a Werktuig- kundige Hoofingenieur, S.A.S., Pretoria	1 1 0		1 1 6		
De Wet, Mn. P. R., Posbus 21, Kerk- straat, Koppies	1 0 0		Groenewald, Lt. P. H., Offisersmenasie, L.M.S. Dunnottar	1 0 6		1 0 6		
De Wit, Mn. F. J., Posbus 16, Citrus- dal	1 0 0		Gunter, Mn. J., Posbus 155, Worcester Hall, Regter C. G., Hoogereghof, Windhoek	1 0 0		10 0		
Dippenaar, Mn. J. J., Van Riebeeck- straat 6, Upington	1 0 0		Hanekom, Mn. F. v. S., De Beers- weg 93, Strand	1 0 0		5 3 0		
Driescher, Ds. en Mev. J. J., Van Andel- straat 1, Bloemfontein	1 0 0		Hanekom, Mn. G. van der M., Posbus 42, Dundee, Natal	1 0 6		1 0 0		
Duminy, Ds. F. P. C., Goedemoed, oor Aliwal-Noord	1 0 0		Hartwig, Prof. en Mev. G. L. F., Rowanstraat 6, Stellenbosch	1 0 0		8 8 0		
Du Plessis, Mn. D. G., Posbus 1, Sanlamhof, K.P.	1 0 0		Hausleitner, Mej. I. L., Posbus 615, Pretoria	1 0 0		1 1 0		
Du Plessis, Mev. E. S. D., Posbus 24, Steynsburg	1 0 0		Hirzel, Mn. R., Vleisraad, Posbus 1357, Pretoria	1 0 0		1 0 0		
Du Plessis, Ds. H. M., Posbus 100, Pongola	1 0 0		Hofman, Mej. M., Hoërs Huishoudskool, Zastron, O.V.S.	1 1 0		3 0 0		
Du Plessis, Dr. en Hev. J. C., Farenden- straat 433, Sunnyside, Pretoria	1 0 0							
Du Plessis, Mn. J. P. G., Posbus 992, Port Elizabeth	1 0 0							

Naam en adres	Bedrag £ s. d.	Naam en adres	Bedrag £ s. d.
Hough, Mn. M. A., Posbus 4767, Johannesburg	2 2 0	Louw, Mn. C. W., Flowerstraat 190, Capital Park, Pretoria	1 0 6
Human, Mn. F. J., Sendingkantoor, Posbus 1012, Kaapstad	1 0 0	Louw, Mej. G. J., Departement van Huishoudkunde, Universiteit, Stellenbosch	1 0 0
Immelman, Mn. A. P. J., Posbus 44, Wolseley	1 0 0	Louw, Dr. H. A., Departement van Mikrobiologie, Universiteit, Stellenbosch	1 1 0
Jansen, Ds. J. C., Posbus 23, Utrecht, Natal	2 2 0	Louw, Mej. T., Posbus 7, Darling, K.P. Louwrens, Mn. C. J., Posbus 76, Kaapstad	1 0 0
Jansen van Vuuren, Mn. T. A., Posbus 13, Kaapstad	1 0 0	Malan, Mn. G. M., Dubrosgebou No. 1, Lombardstraat, Potchefstroom	2 2 6
Jooste, Dr. M. E., Departement van Huishoudkunde, Universiteit Stellenbosch	1 0 0	Malan, Mej. I. L., S.A. Ambassade, Alexander Gogelweg 2c, Den Haag	1 1 6
Joubert, Mn. C. J., S.E. Landboukollege, Stellenbosch	1 0 0	Nederland	1 0 0
Joubert, Mn. G. M., J. W. Luckhoff Nywerheidskool, Heidelberg, Transvaal	2 0 0	Malan, Mn. J. P., Posbus 31, Riversdal	1 1 0
Joubert, Dr. J. M., Van der Stelstraat, Mostertsdrif, Stellenbosch	1 0 0	Malan, Mn. R. P. G., Posbus 31, Zastron	10 0
Joubert, Mn. P., Posbus 30009, Nairobi, Kenia	5 0 0	Malherbe, Mn. E. J., Frereweg, Umtata	2 0 6
Kitshoff, Mn. en Mev. W. P., „Bergsig”, Pk. Pools	1 1 6	Malherbe, Mn. en Mev. G. J., Hartebeeskraal, Suider-Paarl	2 2 0
Kleynhans, Mn. J. W., Posbus 156, Windhoek	1 1 0	Malherbe, Mn. P. B., St. Germain, Prince Alfred's Hamlet	2 10 0
Kotzé, Mn. E. J., Saasveld, Kloofstraat 69, Kaapstad	1 1 0	Malherbe, Dr. P. le R., Skakelafdeling W.N.R., Posbus 395, Pretoria	1 1 0
Kotzé, Mn. G. P., Melkstroom, Upington	3 0 6	Marais, Mn. P. K., Oribiweg 72, Pietermaritzburg	1 0 0
Kotzé, Mn. J. A., Posbus 51, Winburg	1 0 0	Marais, Mn. P. S., Duminystraat 44, Bellville	1 1 0
Kotzé, Mn. J. C. N., Posbus 20, Kamieskroon	1 1 0	Marais, Ds. S., Caledonstraat 48, George Zoeloeland	2 2 0
Kriek, Ds. en Mev. J. A. J., Die Pastorie, Posbus 73, Ogies, Tvl.	1 1 0	Maré, Mn. F. K., Posbus 2, Viljoenskroon	2 0 0
Krige, Mn. P. R., Pk. Lynnwood, Pretoria	1 0 0	Markotter, Mn. J. C., Walkerweg 219, Pretoria	1 0 0
Kritzinger, Mn. J. H., Privaatsak 1021, Pietermaritzburg	2 0 0	Marshall, Mn. G. E., Anglo Alpha Sement Bpk, Ulco, oor Kimberley	1 0 6
Krüger, Mn. T. L., Posbus 941, Broken Hill, N.R.	1 1 0	Matthee, Ds. E. J., Posbus 38, Hermanus Menge, Mn. G. F. W., Posbus 2, Grootfontein, S.W.A.	1 1 0
Kruger, Mn. W. H., Posbus 23, Koffiefontein	1 0 0	Michau, Mev. T., Plankfontein, Cradock	5 0 0
Kuhn, Mn. W. A., 19de Laan 322, Villeria, Pretoria	2 0 0	Mouton, Mn. J. J., Posbus 69, Carnarvon	1 1 0
La Grange, Mn. P. L., Meerlus, Privaatsak, Hugenoot	1 0 6	Muller, Mn. M. A., Van Trompstraat 7, Bellville, K.P.	1 0 6
Langenoven, Mn. P. H., Strydomstraat 101, Heidelberg, Tvl.	1 0 6	Münchmeyer, Mej. M. I. A., Vooruitsig 5, Pastorielaan, Paarl	2 2 0
Le Roux, Mn. A. J., „Rustig”, Uitsig, Wellington	2 10 0	Murray, Mn. en Mev. L. J., Posbus 49, Meyerton, Tvl.	2 2 0
Le Roux, Mn. G. H., Skoolhoof, Hoërskool, Hennenman, O.V.S.	1 0 0	Neethling, Mej. A. K., Noordwal 36, Stellenbosch	1 0 0
Le Roux, Mn. J. B., Montana, Suider-Paarl	1 0 0	Neethling, Mn. C. L., Posbus 27, Malmesbury	2 10 0
Le Roux, Mn. J. J. S., Jordaanstraat, Rawsonville	1 0 0	Neethling, Mej. E. M., Van Riebeekhof 11, Unielaan, Bloemfontein, O.V.S.	2 2 0
Le Roux, Mn. J. P., Brahmsstraat 24, Vanderbijlpark	1 0 6	Nel, Ds. Louis L., Derdestraat 6, Bloemfontein	1 1 0
Lombard, Dr. S. H., Landbounavorsingsinstituut, Universiteit van Pretoria, Pretoria	2 0 0	Nel, Mn. N. J., Departement Waterwese, Privaatsak, Jacobsdal	1 10 6
Lotz, Mn. E. v. d. S., Helderbergstraat 12, Stellenbosch	2 0 0	Nieder-Heitmann, Mn. en Mev. N., Skool vir Doofstommes, Privaatsak, Roodepoort, Tvl.	1 0 0
Loubser, Mn. G. J. van W., Dageraad, Edenburg, O.V.S.	2 2 0	Nigrini, Mn. L. P., Posbus 112, Zierust, Tvl.	1 1 0
Loubser, Mn. J. J., Posbus 99, Cleverland, Transvaal	1 0 0	Nortje, Mn. B. M., Posbus 162, Stellenbosch	2 0 0
Loubser, Dr. M. M., Ormondeweg 26, Muckleneuk, Pretoria	1 0 0	Nothling, Mn. A. J., Posbus 23, Pongola, Transvaal	1 0 0
Loubser, Mn. N. de V., Posbus 4, Grootdrink, K.P.	1 10 0		1 10 6

Naam en adres	Bedrag £ s. d.	Naam en adres	Bedrag £ s. d.
Odendaal, Mn. M. D. J., Posbus 6, Prins Albert	1 1 0	Schleicher, Mn. A. E., Farm Ondahaka, P/s Windhoek, S.W.A.	1 0 0
O'Kennedy, Mn. H. F., Joubertstraat 19, Montagu	1 0 0	Scholtz, Mn. C. P. T., Posbus 699, Port Elizabeth	1 0 0
Oosthuysen, Mn. G. W., Voorligtings-beampte, Posbus 92, Theunissen	1 0 0	Schoonees, Mej. E., Die Hoë Skool Hendrik Verwoerd, Pretoria	10 0
Oosthuysen, Mn. J. J., Hoërskool, Kenhardt	1 0 0	Schreuder, Mn. J. van S., Hoërskool, Vredenburg, K.P.	1 1 0
Palm, Mn. F. C., Posbus 120, Parow, K.P.	1 0 0	Schumann, Prof. D. E. W., Alexanderstraat 14, Stellenbosch	1 0 0
Papenfus, Ds. F. P., Pk. Grootdrink, K.P.	10 0	Schumann, Dr. T. E. W., Andersonstraat 73, Pretoria	1 0 0
Pauw, Mn. J. B., Hoërskool, Swellendam	1 0 6	Schibante, Mn. P., Donaldweg 22, Vincent, Oos-Londen	1 0 0
Peens, Mn. J. G., Posbus 82, Potgietersrus	2 10 0	Seeger, Mn. K. G., Geologiese Opname, Posbus 5029, Windhoek	2 0 0
Piek, Dr. H. J., Prospectstraat, Hatfield, Pretoria	10 0	Seeger, Mej. U., Posbus 296, Windhoek, S.W.A.	1 0 0
Pienaar, Mn. C. J., Posbus 68, Thaba Nchu, O.V.S.	1 0 6	Shone, Mn. F. K., Posbus 11, Uitenhage	1 10 6
Pienaar, Mn. E. W., Joubertstraat 161, Rustenburg, Tvl.	1 0 0	Siertsema, Mn. J. K., Landboukollege, Potchefstroom	1 0 0
Pienaar, Mn. J. H., Truterstraat 14, Robertson	1 0 6	Slabber, Mn. J. H., Posbus 420, Pretoria	1 0 0
Pienaar, Mn. L. A., Posbus 50, Bellville	1 0 0	Smit, Mn. G. E., Von Wiellighstraat 345, Pretoria	1 1 0
Pienaar, Mn. S. W., Posbus 49, Riversdal	1 0 6	Smit, Mn. J. P., Posbus 52, Virginia, O.V.S.	1 1 0
Potgieter, Mn. D. J., Belvederelaan 21, Oranjezicht, Kaapstad	1 0 0	Smit, Mn. J. T., Pienaarstraat 220, Brooklyn, Pretoria	2 0 0
Potgieter, Mej. M., Argief, Privaatsak, Bloemfontein	1 0 0	Smit, Mej. R. C., "Navarre", Hugenote-Hoërskool, Wellington	2 0 6
Preller, Mn. en Mev. J. H., Landboukollege, Potchefstroom	1 10 0	Smuts, Mev. C., Clevedonweg 24, Port Elizabeth	1 0 6
Pretorius, Mn. C. C., Posbus 528, Suider-Paarl	1 0 0	Solomon, Mn. en Mev. D., Berlynstraat 2, Heidelberg, Tvl.	1 0 6
Pretorius, Mn. E., Posbus 8606, Johannesburg	1 0 0	Spies, Mn. S. J., Posbus 18, Windhoek	1 3 0
Pretorius, Mn. G. J., Sestiente Laan 31, Bellville	1 1 0	Steenekamp, Mev. S. C., Posbus 9, Marikana, Tvl.	1 0 0
Rabie, Mn. J. Departement Fisiologie, Universiteit, Pretoria	1 0 0	Steenkamp, Mev. C., Tierfontein, Carnarvon	1 1 6
Read, Mn. en Mev. M. B., Rebeccastraat 63, Florida, Tvl.	1 0 0	Steenkamp, Mn. W., Parkstraat 15, Krigeville, Stellenbosch	2 2 0
Reuter, Mn. H. O., p/a Departement van Elektrotechniese Ingenieurswese, Universiteit, Stellenbosch	1 0 0	Stern, Mn. R. W., "Wychwood", Orchardstraat 6, Nuweland, K.P.	1 1 0
Riedemann, Mn. G. J., Nantesstraat 5, Paarl	1 0 0	Steyn, Mn. G. F., Milnerstraat 48, Mosselbaai	10 0
Rode, Mn. M., Hoërskool J. J. du Preez, Posbus 48, Parow, K.P.	1 0 0	Steijn, Dr. H. P. M., Culemborg 19, Forestrylaan, Pinelands	1 0 0
Rode, Mn. O., Hoërskool, Riversdal	1 0 0	Steyn, Mn. W. W. O., Hoërskool, Parys	1 0 6
Roos, Mn. G. D., Rust-en-vrede, Fir-grove, K.P.	2 10 0	Stockenström, Mn. F. F. de W., Dept. Bedryfsekonomie, Universiteit van die O.V.S., Bloemfontein	1 10 6
Roos, Dr. G. D., Posbus 90, Bronkhorstspruit, Tvl.	1 0 0	Stofberg, Mn. F. J., Marlothstraat 11, Nelspruit	1 0 6
Roos, Mn. H. H., Westerglooi, Wellington	2 0 0	Storm, Mn. J. W., Kearsney Kollege, Bothashill, Natal	1 0 0
Rosenberg, Dr. A. B., Paul Krugerstraat 10, Stellenbosch	1 1 0	Strasheim, Dr. J. J., Mostertsdrif, Stellenbosch	2 2 0
Rossouw, Kapt. J. H., Tak Liggaamlike Opleiding, S.A. Militêre Kollege, Voortrekkerhoogte, Tvl.	1 1 6	Strauss, Mn. F. J., Posbus 94, Kakamas	2 2 0
Rossouw, Mn. P. J., Nicolsonstraat 79, Bailey's Muckleneuk, Pretoria	1 0 6	Struwig, Ds. Jac. J., Van der Waltweg 54, Dalview, Brakpan	1 0 0
Rousseau, Mn. en Mev. W. J., Posbus 6, Reivilo, K.P.	1 1 6	Syfert, Mn. J. G., Posbus 845, Johannesburg	1 0 6
Roux, Mn. en Mev. Paul, La Provence, Franschhoek, K.P.	1 0 0	Theron, Prof. Erika, Universiteit, Stellenbosch	3 0 0
Rust, Mn. D. J. A., Hoërskool, Worcester	1 1 0	Theron, Mn. J., Posbus 128, Cradock	1 0 0
Sapsford, Mn. D., De Kuilenstraat, Kuilrivier	1 1 0	Theron, Mn. J. A., 4de Laan Wes, Cloolan	10 0
		Theunissen, Mn. en Mev. L., Buffelsweg 121, Rietondale, Pretoria	2 2 0

Naam en adres	Bedrag £ s. d.	Naam en adres	Bedrag £ s. d.
Thom, Dr. H. B., Universiteit, Stellenbosch	3 3 0	Van Tonder, Mnr. M. J. N., Greylandsweg 6, Pk. Ottery, K.P.	1 0 0
Truter, Mnr. F. C., Hoërskool, Bonnievale	1 0 0	Van Velden, Mnr. D. K. B., Posbus 71, Rustenburg, Tvl.	2 2 0
Uys, Mnr. J. F., Fakulteit van Ingenieurswese, Universiteit, Stellenbosch	2 0 0	Van Vuuren, Mev. C. M., Posbus 75, Hercules, Pretoria	1 0 0
Uys, Mnr. J. Z., Departement Afrikaans-Nederlands, Universiteit van Natal, Durban	1 0 0	Van Walsem, Mnr. J., Posbus 692, Kaapstad	1 1 0
Van Aarde, Mnr. I. M., Posbus 42, Keimoes	1 0 6	Van Wijk, Prof. A. C., Sending Instituut, Wellington	1 0 0
Van der Merwe, Mnr. B., Posbus 77, Lynnwood, Dist. Pretoria	2 2 0	Van Wijk, Dr. Stanley, Hoof Filmdiens, P/s 239, Pretoria	1 0 0
Van der Merwe, Mnr. C. J., Kerkstraat 125, Worcester	10 6	Van Zyl, Mnr. A. H. P., Hoofstraat, Vredenburg	3 0 0
Van der Merwe, Mnr. C. P., Hoof van die Opleidingskollege, Wellington	1 0 0	Van Zyl, Mnr. A. P., Posbus 33, De Rust	1 0 6
Van der Merwe, Mnr. E., Posbus 160, Klerksdorp	1 1 6	Van Zyl, Mnr. H. B., Posbus 528, Suider-Paarl	2 1 0
Van der Merwe, Mnr. F. P., Thornleigh, Oatlandsstasie, K.P.	1 0 0	Van Zyl, Dr. J. P., S.A. Ambassade, Machabäerstraat 75, Köln, Duitsland	3 0 0
Van der Merwe, Mnr. J. A., Posbus 67, Rivonia, Johannesburg	2 2 6	Van Zyl, Ds. P. A., Posbus 1, Kaapstad	1 0 6
Van der Merwe, Mnr. J. H., Smutsweg 4, Malvern, Natal	1 1 6	Vedder, Senator H. H., Okahandja, S.W.A.	1 10 0
Van der Merwe, Mej. J. M. E., Privaatsak 601, Oudtshoorn	1 0 0	Vermeulen, Dr. D. C., Posbus 339, Uitenhage	1 0 0
Van der Merwe, Prof. P. W., Soete-weide 13, Stellenbosch	1 0 0	Versluis, Mev. R. C., Posbus 23, Barkley-Wes	2 0 6
Van der Spuy, Mnr. J. J. S., Posbus 1, Sasolburg, O.V.S.	1 1 0	Viljoen, Mnr. A. J., Ossewastraat 4, Bethlehem, O.V.S.	2 0 0
Van der Spuy, Mnr. P. v. A., Posbus 300, George	1 10 0	Viljoen, Mej. A. M., Piet Retiefstraat, Tulbagh	1 1 6
Van der Vyver, Mnr. F. H. C., Posbus 53, Bedford, K.P.	1 0 6	Viljoen, Mev. H. E., P/s 16, Inyazura, Suid-Rhodesië	2 0 0
Van der Walt, Mnr. C. A., Hoërskool, Potchefstroom	1 1 0	Viljoen, Mnr. J. I. M., P/s Trompsgraf, Victoria-Wes	2 2 6
Van der Walt, Mnr. H. S., Maraisstraat 32, Bailey's Muckleneuk, Pretoria	1 0 0	Viljoen, Mev. J. M., Posbus 10, Luckhoff, O.V.S.	1 1 0
Van der Walt, Mnr. P. J., Advokate-kamers, Nederlandse Bank-gebouw, Pretoria	1 1 0	Visser, Mnr. J. D., Posbus 14, Keimoes, Kaapprovinsie	10 0
Van Eeden, Mnr. H. H., Posbus 6, De Rust	2 2 0	Vivier, Mnr. C. L., Die Laan 14, Stellenbosch	2 0 0
Van Eeden, Mnr. I. D., p/a Sekretaris van S.W.A., Afdeling Volkswelsyn, Windhoek, S.W.A.	1 0 0	Von Lieres, Mej. E., Stalshoogte 30, Hamiltonstraat, Pretoria	1 0 0
Van Heerden, Mej. J., Otira, Otterweg, Wynberg	1 0 0	Vosloo, Mnr. J. H. A., Posbus 85, Stellenbosch	1 1 0
Van Huysteen, Dr. M. P., Klipstraat 209, Muckleneuk, Pretoria	1 0 0	Wagner, Mev. D. A., Posbus 28, Loxton Walls, Mnr. A. G., Hoërskool, Fraserburg	1 0 6
Van Niekerk, Mnr. J. F., Bosmanstraat 29, Stellenbosch	5 0	Walters, Mnr. S. W., Hoërskool, Paarl	1 1 0
Van Niekerk, Mnr. J. W., Posbus 1067, Windhoek	2 2 0	Wassenaar, Dr. G. M. C., Huguenote Kollege, Wellington	1 0 0
Van Niekerk, Mev. Otto, 4de Laan 87, Bellville	1 0 0	Webb, Prof. Michael, Fort Hare Alice, Kaapprovinsie	5 5 0
Van Niekerk, Mnr. P. van B., Greystraat 53, Strand	1 1 0	Wessels, Mnr. I. C., Posbus 32, Laingsburg	1 0 6
Van Rensburg, Mnr. B. P. J., Hoërtegnies Skool Drostdy, Worcester	10 0	Wessels, Mnr. P. L., Eskside, Kloofstraat 99, Kaapstad	1 0 0
Van Rensburg, Mnr. F. A., Posbus 73, Broken Hill, N.R.	1 0 0	Wessels, Mnr. W. J., Posbus 31, Heidelberg, K.P.	1 10 6
Van Rensburg, Mnr. F. G. J., Posbus 669, Pretoria	1 1 0	Wiese, Mnr. F. J. van J., Coetzeestraat, Prieska	1 1 0
Van Rooyen, Mnr. H. M., Posbus 21, Odendaalsrus, O.V.S.	1 10 0	Wilkins, Mnr. Jacob (Jnr.), Pk. Opraap, oor Klerksdorp	1 0 6
Van Soelen, Mnr. en Mev. J. N., Erasmusstraat 52, Ladybrand, O.V.S.	1 0 6	Wilson, Mnr. W. H., Posbus 52, Sekondêre Skool, Klawer	1 0 0
	1 1 6	Wink, Mnr. Theo, Posbus 60, Uitenhage, K.P.	2 2 0
		Totaal (tot 11 Julie 1959)	£809 2 1



LOOPBANE

by

YSKOR

Die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie Beperk (YSKOR), met meer as 20,000 werknemers (blank en nie-blank), as die grootste produsent van yster en staal in Suid-Afrika, verskaf in sy organisasie geleenthed vir interessante loopbane van sowel tegniese as administratiewe aard.

In die tegniese personeel is daar vaktures vir tegniese kwekelinge (d.w.s. vir gegradeerde in die Chemiese, Elektrotegniese, Werktuigkundige en Mynbou-Ingenieurswese); vir Skeikundiges en Metallurge (in albei gevalle gegradeerde); vir Laboratoriumassisteente (gematrikuleerde met skeikunde) en vir Vakleerlinge in die verskillende bedrywe. Ook word manne tot die ouderdom van 30 jaar voortdurend benodig vir opleiding as produksiewerkers.

Vir gegradeerde in die Handel en Lettere of met ander aanneemlike universiteitsgrade of vergelykbare kwalifikasies is daar poste as administratiewe kwekelinge, terwyl gematrikuleerde jongmanne in aanmerking kom vir aanstelling as klerklike assistente.

Yskorwerknemers geniet die voordele van 'n bydraende Pensioenfonds, 'n Mediese Bystandsfonds, 'n Huiseienaarskema, 'n Verlofbonus, ontspanningsfasilitete, e.d.m. Vir getroude werknemers is behuising beskikbaar op Vanderbijlpark, Thabazimbi en op Sishen, terwyl huisvesting vir ongetroude werknemers in hierdie sentrums ook beskikbaar is.

Verdere inligting is verkrygbaar by die Personeelbestuurder.



**SUID-AFRIKAANSE YSTER EN STAAL
INDUSTRIËLE KORPORASIE, BEPERK**

Posbus 450

PRETORIA



Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die saamgestelde resultaat van talle klein verbeterings. In Rembrandt VAN RIJN is hierdie doel verwesenlik.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte... en vir wie prys sekondêr is. As u 'n kieskeurige roker is, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry Koop gerus nog vandag 'n pakkie VAN RIJN. Die wêreld se eerste lang sigaret met filtermondstuk . . . en die beste.

Rembrandt
VAN RIJN
FILTER DE LUXE

DIE WERELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA — SI Q